

# *Rokende Houtstomp*

## *Volume 3*

*Uit die ewige vuur geruk*

*(Is dit dalk jy?)*



*Joas Natan*

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

Skribaanhaling: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld nie.

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in enige informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die uitdruklike toestemming van die skrywer nie.

Kontakbesonderhede: [admin@joasnatan.co.za](mailto:admin@joasnatan.co.za)

Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>

## **Oorsig**

### **Jaar Een**

**Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.**

**Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.**

**Volume 3: 19 April tot 9 Junie (Huidige boek)**

**Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie**

**Volume 5: 1 Augustus tot 21 September**

**Volume 6: 22 September tot 12 November**

**Volume 7: 13 November tot 31 Desember**

### **Jaar Twee**

**Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie**

**Volume 9: 22 Februarie tot 10 April**

**Volume 10: 11 April tot 31 Mei**

## **Inhoudsopgawe (Volume 3)**

	<b>Bladsy</b>
<b>Inleiding</b>	<b>6</b>
<b>19 April. Vloek van ken</b>	<b>10</b>
<b>20 April. Vloek van selfbewustheid</b>	<b>14</b>
<b>21 April. Die wedloop</b>	<b>17</b>
<b>22 April. Werklike werklikheid 1</b>	<b>19</b>
<b>23 April. Werklike werklikheid 2</b>	<b>22</b>
<b>24 April. Diere</b>	<b>26</b>
<b>25 April. Dimensies</b>	<b>29</b>
<b>26 April. Doengeloof 1</b>	<b>31</b>
<b>27 April. Doengeloof 2</b>	<b>33</b>
<b>28 April. Dood en lewe</b>	<b>35</b>
<b>29 April. Doen 1</b>	<b>38</b>
<b>30 April. Doen 2</b>	<b>41</b>
<b>1 Mei. Doen 3</b>	<b>44</b>
<b>2 Mei. Dood na lewe</b>	<b>47</b>
<b>3 Mei. Dood, lewe en lyding 1</b>	<b>49</b>
<b>4 Mei. Dood, lewe en lyding 2</b>	<b>51</b>
<b>5 Mei. Dood of lewe</b>	<b>53</b>
<b>6 Mei. Doop 1</b>	<b>56</b>

<b>7 Mei. Doop 2</b>	<b>59</b>
<b>8 Mei. Doop 3</b>	<b>61</b>
<b>9 Mei. Doop sonder water</b>	<b>63</b>
<b>10 Mei Dorings</b>	<b>66</b>
<b>11 Mei. Dorsvloer van Arauna 1</b>	<b>69</b>
<b>12 Mei. Dorsvloer van Arauna 2</b>	<b>72</b>
<b>13 Mei. Drie Kruise</b>	<b>74</b>
<b>14 Mei. Drie Onse Vaders</b>	<b>76</b>
<b>15 Mei. Drie pensioenarisse</b>	<b>79</b>
<b>16 Mei. Drie Strome 1</b>	<b>82</b>
<b>17 Mei. Drie Strome 2</b>	<b>85</b>
<b>18 Mei. Drie werklikhede 1</b>	<b>87</b>
<b>19 Mei. Drie werklikhede 2</b>	<b>90</b>
<b>20 Mei. Drie Boeke</b>	<b>92</b>
<b>21 Mei. Twee gebeurtenisse</b>	<b>95</b>
<b>22 Mei. Duplisering en verskeidenheid</b>	<b>98</b>
<b>23 Mei. Een God</b>	<b>101</b>
<b>24 Mei. Een sonde</b>	<b>102</b>
<b>25 Mei. Eenheid 1</b>	<b>103</b>
<b>26 Mei. Eenheid 2</b>	<b>106</b>
<b>27 Mei. Eensekonde-ervaring</b>	<b>108</b>
<b>28 Mei. Eindtyd</b>	<b>111</b>

<b>29 Mei. Ek hoor</b>	<b>115</b>
<b>30 Mei. Emigrasie 1</b>	<b>118</b>
<b>31 Mei. Emigrasie 2</b>	<b>121</b>
<b>1 Junie. Almal sê: Amen</b>	<b>124</b>
<b>2 Junie. Essensie van Essensies</b>	<b>126</b>
<b>3 Junie. Etiese profete</b>	<b>129</b>
<b>4 Junie. Ewige hel</b>	<b>132</b>
<b>5 Junie. Familie</b>	<b>136</b>
<b>6 Junie. Gebedsbrug</b>	<b>138</b>
<b>7 Junie. Gebedstoets</b>	<b>140</b>
<b>8 Junie. Geboorte en klere 1</b>	<b>142</b>
<b>9 Junie. Geboorte en klere 2</b>	<b>144</b>

## **Inleiding**

### **Waarom?**

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met 52 dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

### **Waaroor?**

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.

Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

**Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:**

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.



3. **Gelowiges wat teruggeval het.** Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

### **Oor die outeur en finansies.**

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

*5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)*

***Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.***

***Joas Natan***

19 April

## Die vloek van Ken

### Jaenai: Die Here antwoord

Die ou oom sê hy het letterlik duisende preke in sy lewe gehoor. Hy het egter nog nooit 'n preek oor die sonde van *ken* gehoor nie. Tog was *ken*, en die leuens om *ken*, die eerste sonde waarby die mens betrokke was. In Gen. 3: 4 staan die volgende:

*Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle **alles sal kan ken**".*

6. *Toe beseef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit **ken-nis kan gee**.*

Eers vertel satan 'n leuen vir Eva naamlik dat sy alles sal *ken* en nie sal sterf nie. Ons weet dat die mens nie alles kan *ken* nie en dat die mens toe tog gesterf het vanweë die sonde wat hy gepleeg het toe hy ongehoorsaam aan God geword het. Toe glo Eva die leuen dat *kennis* haar kan vergoddelik. Sy begin dan dadelik die leuen versprei deur Adam ook in haar nuwe ontdekking van *kennis* te laat deel. So het die vloek van kennis sy beslag gekry. Die mens het gevoel dat hy soos God kan wees, deur alles te kan *ken*. So word die mens dan ook sy eie god wat bo God Almagtig gestel word.

Die natuurlike sondige mens het nie nodig om die slegte en kwade te leer ken nie. Dit is deel van sy gevalle natuur. So 'n mens hoef nie te leer om homself te bevoordeel ten koste van ander nie. Die mens word natuurlikerwys deur sy begeertes gedryf, seksuele oortredings kom natuurlik. So is dit ook met *kennis*. Dit is 'n natuurlike geneigdheid by mense om *kennis* te probeer versamel. Die nie-Christelike deel van die bevolking lees met oorgawe die nuusblaaie, sekulêre boeke, wetenskaplike tydskrifte en is kundig ten opsigte van die dinge van die wêreld. Hulle kyk toegewyd na die nuus op televisie, elke dag. Sedert die sondeval in die paradys, is *kennis* van die goeie nie meer genoeg nie. Daar moet ook kennis geneem word van die slegte, die boom van Goed **en Kwaad** het die kennis van God as die **Goeie** vervang. Die meeste mense lees, maar hoor nie, wat in Fil. 4: 8 staan nie:

*Verder, broers, alles wat **waar** is, alles wat **edel** is, alles wat **reg** is, alles wat **rein** is, alles wat **mooi** is, alles wat **prysenswaardig** is- watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees- daarop moet julle julle gedagtes rig.( think on and weigh and take account of these things- fix your minds on them: Amplified Bible).*

Met ander woorde neem daarvan *kennis*.

Toets jouself vandag aan hierdie eenvoudige maatstaf, wat so verstaanbaar vir ons gestel word, vir dit waarvan ons moet kennis neem. Die vraag ontstaan of die sekulêre media hierdie behoefte aan die goeie bevredig, en of dit die natuurlike mens se behoefte aan die kwade bevredig.

Hoe meer die senubane in die brein gebruik word hoe vaster word die verbindings in die brein gelê. Indien jy **kennis van die kwade** oor en oor in jou brein in programmeer, moet jy nie verbaas wees as dit (die kennis van die kwade) is wat jy uit jou brein gaan terugkry nie. Salomo sê nie *verniet dit wat ons dink dit is wat ons is nie* (Spreuke 23:7). Paulus beveel dan ook in een van sy sendbriewe aan dat ons *soos onkundige kindertjies moet wees ten opsigte van ons kennis van die kwade* (1 Kor. 14:20). God het alles kom nuut maak vir die wedergebore mens, ook sy gedagtes. Moenie satan toelaat om op hierdie skoon lei sy vieslikhede te kom skryf nie.

Satan ken die Bybel baie goed. Een van die gedeeltes wat seker die meeste deur satan uitgebuit en misbruik word, is die woorde in Hosea 4: 6

*My volk gaan te gronde weens 'n gebrek aan kennis.*

Of 'n mens gelowig is of nie, jy ken gewoonlik hierdie versie in die Bybel. Die versie is uitgebrei, deur satan en ongelowiges, om alle kennis, ook sekulêre kennis in te sluit. Hieruit het ook ander valse stellings gevolg soos: *Niemand kan kennis van jou wegneem nie.* 'n Enkele vraag om hierdie leerstelling as vals te bewys is die volgende: Hoe lank bly dit waarvan jy kennis geneem het met jou. Toets jouself: *Kan jy onthou waarom die predikant verlede Sondag gepreek het? Hoeveel kan jy onthou van die preek twee weke gelede?*

Die wedergebore kind van God word deur satan versoek. Dit is satan se begeerte om die nuwe mens in Christus, terug te lok na die lewe en denkstyle van die ou

natuurlike mens. Daar is altyd hierdie spanningslyn tussen die ou en nuwe mens. Een van die subtielste en mees effektiewe maniere, wat satan gebruik, is sy ou beproefde resep wat hy in die paradys 6000 jaar gelede gebruik het: *Laat die mens glo dat hy soos God kan wees deur alles te ken.* **Die enigste ken wat werklik die moeite werd is, is die kennis van Jesus as die Seun van God, wat na hierdie aarde toe gekom het om jou en my sondes weg te neem, deur Sy offer aan die kruis, toe Sy bloed jou en my sondes afgewas het. Ken jy hierdie Kennis?**

20 April

## Die vloek van selfbewustheid

### Jaeser: God help

Daar was eens op 'n tyd mense wat nie van hulleself bewus was nie. Hulle was van God bewus en het vreesloos, sondeloos en gelukkig in die paradys gewoon. Toe het hierdie selfde mense begin sonde doen. Na die sondeval was die eerste ding wat met die mens gebeur het, dat hy van homself bewus geword het. Hy het naamlik agtergekom dat hy kaal is (Gen. 3:7). Hiermee het skaamte ingetree. Hy het homself probeer bedek. Nog iets wat gebeur het, was dat die mens vrees begin ervaar het. Hy het gaan wegkruip vir God en so self sy probleem probeer oplos. In die jare na hierdie gebeurtenis, sou die mens voortgaan om die eerste, beproefde resep van selfhelpreseppies, vir sy geestesprobleme te gebruik. Baie boeke is geskryf om die mens hierin te help. Sielkundiges en beraders het begin floreer. Tog was die enigste terapie, wat deur die mens bedink kon word en sukses behaal het, die wat op Bybelse waarhede gegrond was. Neem nou maar die Kognitief Behavioristiese benadering, wat vandag grootliks deur Sielkundiges oor die wêreld heen gebruik word. Wat is hierdie terapie anders as om nuut te leer dink oor jou probleme? Hierdie terapie is al 2000 jaar gelede vir ons in die Bybel opgeteken, toe ons opgeroep is om God toe te laat om ons denke te vernuwe ( Romeine 12: 2). Drieduisend jaar gelede het Salomo al gesê:

*Soos die mens dink so is hy (Spreuke 23:7).*

Die probleem van die mense se selfbewustheid is nog nooit deur die mens self opgelos nie. Hoe meer hy probeer om weg te vlug van hierdie selfbewustheid, hoe meer het hy bewus geraak van homself. Hy word in 'n draaikolk van *ek, my en myself* ingesuig. Die moderne Sielkunde help nie veel om die mens los te maak van homself en hom op God te laat fokus nie. Die magswoorde van die Sielkunde is Self, Selfaktualisering en Selfbeeld. Die mens word verlei deur Sielkundige geleerdes om net nog meer met hulleself besig te bly. Dit gaan oor hoe hulle hulleself kan verbeter, hoe hulle hulle eie skaamtes ( onvermoëns) kan bedek, hoe hulle onafhanklik van ander hulleself kan aktualiseer, hoe hulle hulleself kan vergoddelik. Op hierdie pad gaan die mens nooit 'n oplossing vir sy dilemma kry nie. Wat sê, Jesus, Hy wat die mens gemaak het van hierdie benadering van die mens tot sy probleem?

*Jesus sê dat die mens homself moet verloën. Hy sê dat die mens nederig moet wees en ander hoër as homself moet ag. Hy sê dat die mens nie op homself moet vertrou nie maar op God. Hy sê dat die mens onder gesag moet buig. Hy sê dat die mens se fokus op God en sy medemens moet wees. Hy sê dat die mens in liefde homself vir ander en ander se belange moet weggee. Hy sê dat die mens se redding buite homself in Jesus se verdienste geleë is.*

Indien die mens bereid is om na Jesus te luister, en nie na sy eie stem en die stemme van mense wat selfredding predik nie, sal hy vind dat hy al minder van homself bewus raak. In sy toewyding aan God, sy eenword met Jesus, in sy eie



selfverloëning sal hy 'n buiteseftlike verbondenheid begin ervaar, 'n onbewustheid van self, dit wat die Bybel *onselfsugtige liefde* noem. In hierdie liefde sal die mens 'n ander geestelike self, en die belangrikheid van God, bo alles, ook bo die eie ek, ontdek. Die nuwe mens sal ook die belang van sy medemens bo sy eie belange ste, en so minder en minder bewus van homself raak. So sal die mens weer iets van die salige onbewuste self van die paradys bestaan begin ervaar.

21 April

## Die Wedloop

### Jagseja: Die Here sien.

Hebreërs 12: 1: *Die lewe is soos 'n wedloop. Op die pawiljoen het ons 'n skare mense wat voor ons met geloof en vertrouwe in God geleef het. Hulle moedig ons aan om gelowig vol te hou met die wedloop. 2: Laat ons maar net die wedloop hardloop deur op Jesus te konsentreer.*

### **Waar eindig hierdie wedloop?**

Hebreërs 12: 22: *Maar kyk net by watter berg het julle uitgekom. Julle het gekom by die berg Sion waar die woonplek van die lewende God is, die hemelse Jerusalem. Daar is duisende hemelwesens wat vrolik bymekaar is en saamsing. 23: Julle het gekom by die kerk van almal vir wie God 'n nuwe lewe gegee het en wie se name in die hemel opgeskryf is. By Hom is ook die geeste van die mense wat reeds gered en volmaak by Hom is.*

Soms kan 'n mens wonder hoe dit werk dat Jesus in ons is, maar dat ons ook op Hom moet konsentreer. Sommige vertalings sê dat ons ons oë op Hom gerig moet hou. Hoe kan ek nou my oë op Hom vestig wanneer Hy binne in my is? Om hierdie vraag te kan beantwoord moet ons na die oerprobleem van die mens toe teruggaan. Hierdie probleem is die een van *godsdien bedryf*. In hierdie godsdienbedryf gaan alles oor verdienste. **Ek** moet doen ten einde aanvaar te

kan word. **My** dade red my. Daarom moet **ek** goed doen, **ek** moet Jesus bely, **ek** moet Hom dien, en **ek** moet goed doen aan my medemens. **Ek** moet godsdiens bedryf. Al hierdie dinge mag mooi en reg klink. Al wat verkeerd is, is die klem wat op die **ek** geplaas word.

Wanneer Jesus binne in my is, beteken dit dat ek my lewe aan Hom oorgegee het. Die **ek** en die **self** is verloën. **Hy** leef nou in my. Dan kyk ek nie meer met my oë nie. Ek kyk nou met Sy oë. Ek het van myself vergeet en net op Hom, en wat Hy wil, gekonsentreer. Ek kyk nuut. Ek sien nood en ellende om my raak. Ek sien nie meer net my eie behoeftes en begeertes nie. Ek sien die wonder van Sy skepping. Ek sien ook met Sy oë al my geliefdes en baie wat ek nie ken nie op die pawiljoen van die hemel, vanwaar hulle my vordering dophou. Ek sien ook my ouma. Ek kan nog goed onthou hoe sy altyd teen die einde van haar lewe gesê het: *My ou kindjie, as ek net my geloof kan behou.* Nou is ek bykans in die jare waar sy was toe sy dit gesê het. Ook my versugting is na standhoudende geloof om die wedloop te kan voleindig. Konsentreer net op Hom. In Hom is alles moontlik. Jy is naby die Sionsberg, die kerk van almal, waar die Vader en Jesus saam met al die mense wat gered is, reeds op jou wag.

22 April

## Die werklike Werklikheid (1)

### Jamleg: God laat heers.

Daar is hoofsaaklik drie werklikhede waarbinne 'n mens se lewe afspeel. Die eerste werklikheid is die van die **Geesteswêreld**. Hierdie is die primêre werklikheid. God is Gees. God sal altyd primêr wees. Ons weet dat die geesteswêreld om ons bestaan. Soms word die mens se oë geopen om die geesteswêreld se werklikheid te ervaar. Dink maar aan die geleentheid toe Elisa gebid het en God, Elisa se slaaf, se oë oopgemaak het om die magtige leërs om hulle te sien( 2Kon. 6: 17). God se Heilige Gees plaas die werklikheid van die Geesteswêreld binne in ons. Ons is deel van die geesteswêreld en elkeen van ons het benewens 'n siel en 'n liggaam ook 'n gees. Na ons afsterwe gaan ons as gelowiges se gees terug na God toe, Hy wat dit gegee het. Niks is meer werklik as die geesteswerklikheid nie want dit is die enigste werklikheid wat nie tot niet sal gaan nie.

Dit bring ons by die tweede werklikheid naamlik die **fisiese werklikheid**. Dit is die werklikheid wat ons met ons sintuie ervaar. Vir die meeste mense is die fisiese werklikheid die ware werklikheid. Dit voel vir hulle of die fisiese werklikheid vir ewig daar sal wees. Die Bybel is baie duidelik daarvoor dat die fisiese liggaam sal vergaan. Die sintuiglike sal daarmee saam tot niet gaan. So sal die oog, die oor, die mond, die neus, die hand, alles tot stof vergaan. Dit wat die mens aan die sintuiglike werklikheid, sy fisiese bestaan verbind het, sal tot niet

gaan. Die liggaam sal weliswaar opstaan maar dit sal 'n liggaam wees soos die van Jesus na Sy opstanding. Dit wil sê dit sal 'n liggaam wees wat nie deur fisiese faktore soos mure gekeer sal kan word nie. Hierdie liggaam sal geestelik wees en daarom ook verplaasbaar wees van een plek na 'n ander. Dit sal wesentlik verskil van die fisiese waarmee ons elke dag te doen het. Die geestelike aspek van die mens, het met die sondeval en die mens se gevolglike verbreking van die band met God, grootliks tot niet gegaan. Soos die mens geskape is om ewig te bestaan, het die opheffing van die geestesaspek van die mens, die mens sterfbaar gemaak. Die loon van die sonde is die dood (Rom6:23). Vir 'n mens bestaan die fisiese werklikheid maar 'n baie kort tydjie, so ongeveer 70 jaar. In vergelyking met 'n onbegryplike ewigheid is 70 jaar so min dat dit nie eers berekenbaar is nie. Die fisiese werklikheid behoort dus nie veel van 'n rol in die menslike bestaan te speel nie. God se wysheid blyk in hierdie verband duidelik wanneer Sy uitsprake in die Bybel bestudeer word. Dinge soos die sinneloosheid daarvan om vir jou skatte op die aarde bymekaar te maak, die tydelike verafgoding van mag, eer en status, die belaglikheid om te dink dat jy so belangrik is dat ander mense jou moet eer en ag, die sinnelose gejaag na plesier, die domheid van onafhanklikheid en die verafgoding van dit wat 'n mens met sy brein kan vermag, is voorbeelde van hoe dom mense kan wees wanneer hulle die fisiese werklikheid te hoog aanslaan. Die uitstaande kenmerk van die fisiese werklikheid is die verafgoding van die mens. Die tyd waarin ons nou leef word beskou as die laaste fase van die kerkbedeling. Hierdie tyd stem ooreen met die sewende fase van die kerktydperk naamlik die

van Laodisense (Open. 3:20). Laodisense beteken onder andere menseregte. Wanneer die mens verafgod word is dit nie snaaks dat sy regte so hoog geag word nie.

23 April

## Die werklike Werklikheid (2)

### Janna: Die Here verhoor.

Satan het die verafgoding van die mens in die paradys ingelei toe hy Eva oortuig het dat die mens soos God kan wees deur alles te kan ken ( Gen. 3:5). Geen wonder dat daar vandag nog, soos nooit tevore nie, klem op die intellektuele val. Die mens het 'n moderne toring van Babel gebou, die bastion van alle kennis, iets wat hom soos God laat voel – siedaar die INTERNET. Deur die internet het die mens die beperking wat God op die mens geplaas het, deur sy taal te verwar, opgehef. Die verafgoding van die fisiese werklikheid is by uitstek deur satan gebruik. Het hy dan nie selfs ons Here Jesus probeer verlei, deur die fisiese werklikheid as koninkryk aan Hom te bied nie? Die een groot voordeel van die fisiese werklikheid is die feit dat die mens deur sy sintuiglike fisiese bestaan in staat gestel word om te ly. Deur te ly kry die mens deel aan Jesus want Jesus se bestaan op die aarde, Sy fisiese bestaan, is veral gekenmerk deur lyding. Hy het min gerief geken, Hy is geslaan, geklap, gezesel en gekruisig. Die ergste was dat dit onverdiend was en dat Hy die mense, wat dit aan Hom gedoen het, moes vergewe. Vanweë die mens se lyding op die aarde was daar nog altyd die begeerte by die mens om die lyding te ontsnap. Hierdie begeerte om te ontsnap het in die tydperk na die eerste en tweede wêreldoorloë tot vandag toe 'n hoogtepunt bereik. Nog selde was die mens so ontgogel met sy eie pogings om Utopia hier op die aarde te skep. In die mens se soeke na ontvlugting van lyding het satan 'n

gevaarlike wapen in die hande gekry. Hy het die derde werklikheid geskep om die mens te help om die ongemak van die fisiese werklikheid te ontvlug. **Die virtuele werklikheid** is gebore.

Getrou aan sy styl het satan die nuwe werklikheid op 'n halwe waarheid gebou. Min van die mense wat die woord virtueel gebruik is werklik instaat om jou te verduidelik wat dit beteken. Die naaste wat daar aan 'n definisie gekom kan word, is om te sê dat virtueel op 'n skynwerklikheid dui. Dit is nie eg nie. Dit is soos 'n simuleerder. Dit lyk soos die werklikheid maar dit is nie die werklikheid nie. Dikwels word die virtuele wêreld geskep in rekenaarspeletjies. Waar spel hoofsaaklik vir kinders bedoel is om met die lewenswerklikhede, wat later op hulle wag, te eksperimenteer op 'n speelse manier waar foute sonder nadelige gevolge gemaak kan word, word die virtuele spel dikwels deur volwassenes vir ontvlugting aangewend. Eintlik probeer satan in die daarstelling van die virtuele wêreld God se Geesteswêreld naboots. 'n Alternatief vir die lyding van die fisiese wêreld word so deur satan aan 'n moedelose wêreld voorgehou. Die virtuele wêreld is nie beperk tot die rekenaar nie. Sport het ook vir die moeë mens 'n virtuele wêreld geword. Min neem self deel. Die meeste mense ontvlug in sport deur virtueel te identifiseer met die wat deelneem. Die massa boeke wat daagliks gelees word bring die virtuele werklikheid vir baie mense so naby dat die fisiese werklikheid grootliks ophou om te bestaan. In die fantasiewêreld van ander mense se lewens word die leed van die fisiese wêreld om die mens, ontvlug. Daar



is selfs virtuele boeke geskep. Die E-Reader lyk amper soos 'n boek maar is nie 'n boek nie. Dit is meer soos 'n biblioteek waarin duisende boeke geberg word. So werk 'n selfoon amper soos persoonlike kommunikasie maar dit is nie. Skype laat dit lyk of 'n persoon by jou is wanneer jy met die persoon praat maar in werklikheid is die persoon met wie jy praat nog steeds 10, 000 kilometer van jou af in Australië. Seker die gevaarlikste virtuele wêreld waarmee die hedendaagse mens te doen kry is die televisie. Die wêreld word deur beeld en klank so werklik dat die meeste mense nie omgee vir ontbrekende dimensies van die werklikheid soos tas, reuk en proe nie. Die mens sit somer van hierdie dimensies self by, wanneer, tydens die uitsendings, geëet en gedrink word. Koerante is nog 'n virtuele werklikheid waarin die mens vasgevang word. Hier kan jy vir 'n kort rukkkie deel word van mense se lief en leed sonder om regtig betrokke te raak. Die onaangename virtuele werklikheid kan afgeskakel word deur die koerant toe te maak. Dit is nie altyd so maklik om die virtuele werklikheid van drank en dwelms af te skakel nie. Bitcoin het skielik in as 'n alternatiewe geldstelsel sy verskyning gemaak. Geleerdes probeer deur hulle verduideliking van Bitcoin dit 'n werklikheidskleed omhang. Dit is egter amper onmoontlik aangesien jou geld in *Cloud* is. So is daar talle voorbeelde van hoe die mens se lewe vandag eintlik maar 'n virtuele lewe, 'n skynlewe geword het. Ook **die** skynwerklikheid sal verbygaan. Die permanensie van die skynwêreld, wat deur satan vir die mens geimpliseer word, is nog een van sy leuens, om die mens te mislei en te keer dat die mens dalk by die werklikheid van sonde, redding en die ewige lewe uitkom.

Die groot vraag nou is: Waar lewe jy hoofsaaklik jou lewe hier op aarde uit? Is jy vasgevang in satan se virtuele wêreld? Leef jy vir die fisiese wêreld? Of het jy al die werklikheid van God se Geesteswêreld begin ervaar?

24 April

## Diere

### Jatniël: God skenk.

God het diere gemaak (Gen. 1:24). Hy was baie tevrede met Sy skepping van diere. Hy is lief vir diere en daar sal verseker diere in die hemel wees. Dink in hierdie verband aan die volgende verwysings na diere in die Bybel: Openbaring 19:11, Esegïël 1, Hosea 13: 7 en 8, Deut. 32: 11, Psalm 93, Psalm 150: 6, Jes. 6: 3, Open. 5: 13, Psalm 50: 10, Jona 4: 11, Efesiërs 1:10, Gen. 12: 16, Jes. 34: 16 en 17, Job 40: 41, Open. 8:13,

Elke keer as iets of iemand wat vir jou **dier**baar is skade of pyn opdoen, raak dit jou. 'n Ouer kan die pyn van sy kind nie verdra nie en sal selfs sy kind se pyn dra indien hy kon. Wanneer jou kind uitskreeu van pyn is dit jou pyn. Sal dit dan anders wees as die Liefdevolle Perfekte Vader, deur Sy skepping se lyding aangeraak word. Sal Hy nie ook pyn ervaar as sy skepping ly nie? Wanneer daardie dier van angs en pyn bulk, runnik, blêr of roggel sal dit dan nie sy Skepper raak nie? Ervaar ons volmaakte Vader dan nie ook pyn as sy diereskepping so deur klank na Hom uitroep nie? So kan ons aanvaar dat God deur die eeue heen gely het, saam met al die diere-offers wat gebring is vir die mens se sonde. Eintlik is dit God wat gely het vir die offer wat gebring is in die vorm van diere. Sy Skeppershart het gebloei vir die diere wat in nood tot Hom uitgeroep het. So het God eintlik lank voor Christus se offer aan die kruis, reeds vir ons sondes gely. Diere is onskuldig ten opsigte van sonde. Indien hulle in hulle onskuld vir die

mens se sonde moet boet, wys dit reeds heen na Christus se lyding. Wat 'n verskriklike gedagte om te dink dat selfs die diere vir die mens se sonde moes ly. Juis daarom het ons na Jesus se groot offer aan die kruis op Golgota, 'n verantwoordelikheid teenoor diere. Nou, na Christus se offer, is dit nie meer nodig om diere te offer nie. Ons moet egter ons skuld teenoor diere vereffen, deur vir hulle goed te wees. Daar is voor Christus se offer seker vir ten minste elke mens wat gelewe het 'n dier geoffer. Al daardie pyn en lyding het reeds duisende jare gelede heengewys, na die ontsettende pyn en lyding wat God se Seun, as finale offer sou moes ly. Altyd was lyding deel van die offer wat vir mense se sondes gebring moes word. Deel van die groot lyding was om te *gee*. Eva het aanvanklik oortree deur te vat. Daarom moet die lyding van *gee* altyd daar wees, om vir hierdie sonde boete te doen. Die diere moes hulle lewens *gee*, die mens moes sy diere *gee*, God moes Sy Seun *gee* en die mens moet sy lewe vir God *gee*. God se ergste lyding vir ons sondes was egter toe Hy Sy Seun se foltering, marteling en pyn moes aanskou. Wat het God ervaar toe Sy Kind in pyn uitgeroep het: **My God, My God, waarom het U my verlaat?** (Markus 15:34) Dalk was dit die een enkele oomblik wat die mens amper sy redding misgeloop het. Ons kan identifiseer met die lyding van die vaderhart van Abraham, wie sy seun, vir wie hy 100 jaar moes wag, moes gaan keelafsnay en dan verbrand op 'n offeraltaar (Gen. 22). Hoe moes God se vaderhart oor Sy Seun se verwoesting nie gevoel het nie? Sy Seun was immers totaal sonde, rein, gehoorsaam, perfek vol liefde, Sy Geliefde. Was God se lyding nie dalk die ergste, erger as Sy Seun se

lyding nie? Jesus kon immers sterf en 'n einde van Sy lyding ervaar. Hoe lank het God nie gely vir Sy Seun se verwoesting nie. Reeds vir duisende jare voor Jesus se offerdood het God reeds gely in die offer van die diere en het Hy geweet dat Hy eendag Sy eie Seun so sal hoor uitroep soos die diere na Hom uitgeroep het. Dalk kan ons in hierdie optrede van ons Vader, iets van die Vaderhart se liefde vir ons begin verstaan. Dalk open dit ons oë so 'n bietjie vir wat genade eintlik beteken.

**Jaäsanja: Die Here troos.**

Leefdimensies is 'n aangrypende onderwerp. Dit is seker omdat ons as mense hoofsaaklik in 'n fisiese dimensie leef, maar ook bewus is van 'n geestesdimensie. Kan dit wees dat die fisiese dimensie 'n hoër skeppingsrangorde as 'n geestesdimensie het? God is tog 'n God van progressie; van beter bo die goeie. Vanuit God se Geestesdimensie het Hy immers die fisiese dimensie van die aarde en wat op die aarde is geskep. Telkens het Hy van Sy skepping self verklaar dat dit baie goed is. Ons moet onthou dat die fisiese dimensie wat God geskep het perfek was. Dit was baie ver verwyder van wat ons vandag as die fisiese dimensie beleef. Sonde en sondeval het die perfekte fisiese dimensie verwring en misvorm totdat dit vandag maar net 'n karikatuur is van dit wat God bedoel het dit moet wees. Selde word van die Geestesdimensie vermeld dat daar plante en diere teenwoordig is. Min word van waterstrome en berge en blomme gepraat. Hierdie voortreflike skeppings het God vir die fisiese dimensie gebêre. Die mens, en wat God ookal binne die fisiese dimensie geskep het, sou as perfekte skepping ewig leef. Nooit sou daar siekte, agteruitgang en dood gewees het nie. Al hierdie slegte dinge was die gevolg van die sondeval. God was die lewe in alles wat Hy geskep het. Alle lewe het van Hom gekom. Satan het alles kom besoedel en het die dood in die fisiese dimensie ingebring. Na die sondeval was alles tydelik, aan agteruitgang onderworpe en op pad na die dood toe.

Soos God 'n wonderplan vir die mens se herstel gemaak het, sal die fisiese aarde ook weer nuut gemaak word ( Op. 21). So wonderlik sal die nuwe fisiese aarde wees dat God die Hemelse Jerusalem in totaliteit na die aarde toe sal skuif. Dit sal seker God se grootste wonderwerk word om 'n stad met afmetings van 'n duisend kilometer hoog, breed en lank, met alles binne hierdie wonderstad, vanuit die hemelse sferes na die aarde toe skuif. Dit gebeur nadat Hy die aarde gestroop het van alles wat daarop was deur dit te verbrand. So word die aarde geoffer en nuut gemaak vir die ontvang van die hemelse Jerusalem ( Open.3:12 en 21:2 )

Sonde het eers werklik begin lewe nadat die wet gegee is (Gal. 4:3). Sonder die sonde sou die goeie sondelose toestand seker nooit werklik tot sy reg gekom het nie. Eers toe die goeie met die slegte gekontrasteer kon word, het goeie tot sy reg gekom. Dalk sal dit ook so wees met die fisiese dimensie. Eers moes die fisiese dimensie na die sondeval, aan verganklikheid, agteruitgang en dood blootgestel geword het, om die prag en heerlikheid van die fisiese dimensie, sonder sonde, tot sy reg te laat kom.

Om te dink dat ons nou reeds hier op die aarde iets kan beleef van die perfekte fisiese wêreld wat gaan kom. Die mens sal nie net fisiese wese wees nie. Hy sal soos God wees wat Gees is maar die fisiese werklikheid so kon geniet het, dat Hy daarvan verklaar het **dat dit baie goed is.**

26 April

## Doengeloof (1)

### **Jaüsia: Die Here troos.**

(Lees Eksodus 12 en Joh. 6: 22 tot 59)

Eva steek haar hand na die verbode vrug toe uit en neem so die eerste stap in die verkeerde rigting. So probeer sy onafhanklik van God raak. Sy neem eie inisiatief. Deur die verkeerde te doen en ongehoorsaam aan God te wees, kies sy om nie meer God bo alles te vertrou nie. *Doen* het *geloof* in die oer Evasonde vervang.

Sedert Eva, deur haar eie werke, haarself probeer vergoddelik het, het die doenevangelië nog nooit opgehou nie. Vandag staan hierdie evasonde nog geil in die blom. Die meeste mense probeer nog steeds soos Eva onafhanklik van God wees. So hunker die meeste mense om op pensioen te gaan. Hulle glo dat hulle dan hulle eie ding sal kan doen sonder om van iemand afhanklik te wees. Ander mense soek weer hulle onafhanklikheid in rykdom. Die meeste mense, is vanweë die evasonde, baie onwillig om iets van iemand anders te aanvaar. Ons het gewoonlik veel minder probleme om iets vir iemand te gee as, om iets van iemand te ontvang. Om aan die ontvangkant te wees laat ons te afhanklik, te swak, te broos, te minderwaardig voel. Solank ons kan uitdeel voel ons in beheer. Die altruïsme van baie mense is dan ook dikwels maar selfsugtige pogings om goed oor die self te voel. Min skenkings word werklik uit liefde vir God en die medemens gemotiveer.



Die mens se drang om onafhanklik te voel, is soos reeds gesê, 'n ou probleem. Die volk Israel het ook met hierdie probleem geworstel. 'n Mens sou verwag dat hulle na 430 jaar in Egipte, waarvan 'n groot gedeelte as slawe deurgebring is, 'n slawementaliteit sou ontwikkel het. Hulle het egter steeds die drang behou om onafhanklik te wees, en self hulle eie heil uit te werk. Hierdie selfdoenhouding kom tevoorskyn wanneer geluister word hoe die verspieders terug rapporteer na hulle verkenningsstog die Beloofde Land in. Tien van die twaalf konsentreer op hulle eie vermoëns om self hulle eie heil uit te werk, onafhanklik van God. Slegs twee van die twaalf is bereid om van hulle eie onvermoë af weg te kyk en te beseef dat hulle nie die reuse self sal kan oorwin nie (Num. 13:16).

In Sy groot genade verwoes God nie Sy volk vir hulle gebrek aan geloof nie. Hy begin om hulle te leer om afhanklik van Hom te wees, Hom te vertrou en op Hom staat te maak. Vir die doel moet die Israëliete leer om te ontvang. Vir 40 jaar swerf hulle dan ook in die woestyn rond. Bykans 3 miljoen mense en seker net soveel diere moet in totale afhanklikheid van God elke dag in nederigheid hulle lewensonderhoud uit God se hand ontvang. Dit gebeur in die woestyn waar omstandighede soos die volgende heers: Versengende hitte. Bykans geen bome nie. Geen riviere, mere, damme of fonteine nie. Geen geleentheid om kos self te produseer nie. Geen manier om self klere te voorsien nie. Geen huise om in te woon nie. Geen kennis van waarheen hulle die volgende dag sal moet trek nie. So dek God die tafel vir Sy volk om hulle die brood van afhanklikheid te leer eet.

27 April

## Doen geloof (2)

### Jabin: Die Here verhoor.

Dit is interessant om sogenaamde *gelowige* mense te vra wat hulle sal antwoord, op die vraag by die hemelpoort, oor waarom hulle in die hemel toegelaat moet word. Dikwels sal virseker goeie dade genoem word. Dit is natuurlik ongelukkig die verkeerde antwoord. Baie sogenaamde *gelowiges* sal eendag die ewige saligheid by God so misloop.

Die meeste mense is vasgevang in 'n verdienstegodsdien. Hulle vra dan ook in Jesus se tyd die verkeerde vraag naamlik: *Wat moet ons doen om God se wil uit te voer.* Eers sê Jesus dat hulle nie moet **werk** vir die kos wat vergaan nie, maar vir die blywende kos wat lei tot die ewige lewe ( Joh. 6: 27). Hy gaan verder en kwalifiseer hierdie kos waarna Hy verwys: *Glo in Hom Wie die Vader gestuur het.* Die mense hoor egter nie wat Jesus vir hulle sê nie en val maar weer terug in hulle ou denkraamwerke. Hulle wil weet watter wonderteken Jesus gaan **doen** om hulle te help om te glo. *Wat besonders doen U vir ons? (Joh.6:30)* . Jesus help dan Sy toehoorders in die res van Johannes 6 om van **doen** tot **geloof** te vorder.

Baie nou verbonde aan *glo*, is *aanvaarding*. Ons het reeds gesien dat God Sy volk vir 40 jaar in die woestyn geleer het om daaglik, dit wat hulle nodig gehad het, uit Sy hand te aanvaar. Uit 'n praktiese oogpunt gesien, het elkeen van ons al die ervaring gehad, dat ons dinge in ons lewe ontvang het, wat ons nie regtig graag

wou gehad het nie. Die meeste van hierdie geskenke het gou iewers in 'n laai beland, waar hulle stof vergader het. Ons het hierdie geskenke nooit regtig aanvaar nie. Hierteenoor is daar die geskenke wat ons met blydschap ontvang en aanvaar het. Hierdie kosbaarhede het ons uitgestal, gebruik, liefgekry en deel van ons lewe gemaak. Is dit nie dalk so, dat in baie mense se lewens, Jesus se groot geskenk aan die mensdom, naamlik Sy redding van siele, soos onwelkome geskenke, nooit aanvaar word nie? Die kosbare geskenk van God se liefde word ook dikwels nie aanvaar nie. Die wondergeskenk van God se Heilige Gees word selde die geleentheid gebied om te lei, te beheer, te bestuur en vrug te dra (Gal 5). Hoe is dit moontlik dat hierdie gawes aan die mens, soos onwelkome geskenke hanteer word? Ons weet ons het dit ontvang maar ons het dit selde vir onself aanvaar. Ons is nie bly daaroor nie. Ons juig nie spontaan daaroor nie. Ons vertel nie vir ander daarvan nie. Ons wys dit nie vir ander nie. Ons lewe asof ons dit nooit ontvang het nie. Dikwels lê Jesus se offer op Golgota iewers in 'n laai en stof vergader, onbenut, afgeskeep, nog in papier toegedraai.

**Jagmai: Die Here beskerm.**

Dood is die (helse) uitwissing van onvolmaaktheid (sonde).

In plaas van dat dood dadelik gevolg het, nadat Adam en Eva sonde gedoen het, het God in sy goedheid en liefde vir die mens, 'n kort genadetyd toegelaat, waarin iets aan die mens se verlorenheid gedoen kon word – ons noem hierdie tydperk die *lewe op aarde*.

Indien jy in Jesus begin glo, gedurende hierdie kort genadetyd, word die dood opgehef en kry jy die *ewige lewe* by God. Indien jy nie die genadeleefyd vir die doel gebruik nie, gaan jy die doodsproses in wat ewig sal duur in die hel.

Om in Jesus te begin glo, beteken dat jy gedurende die sogenaamde *lewe*, vrywillig sal begin *sterf* aan die self (– die selfgod sal opgee). Jy moet alles van die self, naamlik selfsug, selfaktualisering, selfwil, selfbegeertes, selfbevrediging, selfbevoordeling, selfhandhawing en eiegeregtigheid, ja alles van die self opgee. Jy moet soos Jesus gesê het, *jouself verloën, jou kruis opneem en Hom volg* (Mat. 16:24). Indien jy so aan jouself kan sterf kan hy jou weer lewendig maak, jou weer laat gebore word. Soos jy deur die waterbreek van jou moeder fisies gebore is, so kan jy deur geloof, deur die doop deur water, geestelik tot lewe kom. So kan jy reeds in hierdie lewe (uitgestelde dood)

waarlik lewe kry nadat jy weergebore is. Nou leef jy nie meer nie maar God en Jesus leef nou in jou deur Sy Heilige Gees (Gal.2 : 20 ).

Ware lewe, kan net kom vir iemand wat dood is, heeltemal aan die self dood is- nie vir iemand wat halfdood is nie. Jy moet heeltemal aan jouself sterf voordat jy weer gebore kan word en begin lewe. Jy moet ophou asemhaal onder die doopwater ten einde die lewegewende lug van die Heilige Gees te kan inasem.

Die volkome dood waarvan hier gepraat word, naamlik totale selfverloëning, kan net by die besef van die totale onvermoë om self goed genoeg te kan wees, plaasvind. Alleen wanneer jy wanhoop oor jou sonde en totale onvermoë om deur verdienste self in die hemel te kom, is jy gereed om aan jouself te sterf en so die begin van lewe te ontvang. Hierdie lewe wat jy ontvang kom deur Christus se selfverloënde dood aan die kruis. Hy wat die ewige lewe is, omdat Hy sondeloos is, het gesterf sodat ek en jy kan lewe.

Daarin word die dood opgehef, en die stukkies uitgestelde sterwe, wat ons as lewens, kan sinvol geleef word in 'n blye afwagting op die ewige ware lewe.

### **Selfverloëning**

Dit is die moeilikste ding in 'n mens se lewe omdat die mens se natuurlike neiging, na die sondeval is, om self iemand en iets te wil wees. Alles word vir die mens sinvol solank dit daarop ingestel is om hom te help om sy eie god te word. Juis daarom kan ons beswaarlik met selfverloëning self regkom. Hier is die groot

geheim van lewe in opgesluit, **naamlik dat ek vir my eie selfverloëning van die Here afhanklik is.** Net in diepe afhanklikheid moet ek voor Hom kom lê en my eie onmag tot selfverloëning voor Hom erken, en vra dat Hy hierdie groot ding vir my moet doen. Glo dat Hy sal, die lewe van redding in Hom aanvaar, en vir ewig lewe.

29 April

**Doen**

**Jeatrai: Die Here lei.**

### **Die begin**

Ons kan God se gedagtes nie peil nie. Ons kan net wonder oor Hom en dink oor dit wat Hy gedoen het. Dink nou maar waaraan God moes gedink het, nadat satan, as leierengel, God so teleurgestel het. Het God dalk vir Homself 'n toets opgestel? Wou Hy dalk weer Sy geregtigheid en liefde vooraf ondersoek? Is dit waarom Hy die mens gemaak het? God, wat alwetend is, moes tog geweet het dat die mens wat Hy skep in sonde gaan val. Hy moes van die begin af geweet het dat die enigste manier, waarop die mens, volgens God se totale geregtigheid, gered sou kon word, die manier is waarop Jesus vir die mens se sondes geoffer sou moes word. God het geweet dat die redding van die mens die hoogste eis aan Homself ten opsigte van Selfverloëning gaan stel. God sou Sy kosbaarste, dit waarvoor Hy die liefste was, moes gee, weggee, toesien hoe Sy Geliefde verwoes, verneder en gedood word. God sou aan die hoogste toets van liefde vir geregtigheid blootgestel word. Hy sou dit moes kon verwerk om Sy hoogste Liefde te hoor vra: *My God, my God, waarom het U My verlaat* (Mat 27:46)? Ons weet dat ons perfekte Vader-God hierdie selftoets met vliënde vaandels geslaag het. God is die perfekte doener.

## **Doen**

Dit bring ons nou by verdere aspekte van doen.

Van die vroegste tye af het lewe altyd te doen gehad met doen. Ons lees min in die Bybel van niksdoen. God word beskryf as 'n aktiewe God. Selfs in Sy rus op die sewende dag, na die skepping was Hy besig om iets te doen, al was dit om te rus.

Die mens is ook van die begin af geskep om iets te doen; Eva is geskep om vir haar man 'n maat te wees en Adam om na die Tuin van Eden om te sien. Ook satan het voor sy val dinge gehad om te doen in die hemel.

Die mens is deur God geskape om goed te doen en die res van die skepping om goed te funksioneer. In die volmaakte skepping van die mens is die mens egter ook met 'n keusevermoë geskape. In hierdie opsig is die mens en satan dieselfde; hulle kan kies wat hulle wil doen.

Satan en die mens, het gekies om die verkeerde te doen. So het hulle hul skeppingsdoel gemis. Omdat die mens na God se beeld geskape is (Gen. 1: 27) en Hy 'n besondere liefde en deernis vir die mens het, het God 'n reddingsplan vir die mens daargestel.( Sien in hierdie verband weer die eerste paragraaf). Eers moes die mens bely dat hy verkeerd gedoen het (Hand. 19:18). Dan moes hy die plan wat God vir sy redding daargestel het aanvaar. So sou die mens 'n nuwe



mens word en sou hy weer deur die werking van God se Gees, in hom, instaat gestel word om die goeie, waarvoor God hom geskape het, te doen.

### **Die nabootser**

Satan is 'n nabootser. Hy kan nie Jesus se vergifnis en genade aanvaar nie. Maar hy kan die resultaat van God se vergifnis, die goeie dae van die mens, probeer naboots. Die doen van die oënskynlik goeie en die mooie het so een van satan se groot verleidings geword. Die mens het geval deur die vleeslike te doen toe hy hom aan kos vergryp het. Dikwels is satan se subtiële tegnieke ook toegespits om die mens te laat glo dat hy deur die geestelike te doen hy die resultate van die vleeslike oortredings kan uitwis. Jy moet net so 'n bietjie geestelik voorkom om die resultaat van oortredings uit te kanselleer. Kom ons loop 'n bietjie op satan se spoor terug in die verlede in. Vir Eva verlei hy deur haar te oortuig dat sy deur die goeie daad, van die eet van die verbode vrug, soos God kan word deur alles te kan ken (Gen. 3). Vir Saul verlei hy om in die tempel te offer (1Sam. 3:9). Dit is iets wat nie vir die koning beskore was nie. Vir Jesus probeer hy oortuig om goeie dae te doen, deur klippe in brood te verander (Mat. 4:3).

30 April

## Doen (2)

### **Jegolja: Die Here het Hom magtig bewys.**

Satan is egter nie net in Bybelse geskiedenis, met die misleiding van mense, met doengodsdiens doenig nie. In die na-Bybelse tyd is dit nog steeds een van sy belangrikste verleidings van die mens. Hy los die stap, van verlossing en die herstel van die mens uit sy doodsbestaan deur Jesus uit, en konsentreer sommer net op die goeie dae. So hou hy aan die mens voor dat saligheid deur goeie dae verdien word. Vir honderde jare het hy daarin geslaag om die Roomse kerk so om die bos te lei.

Sy verleiding is egter vandag baie gevaarliker. Hy los nie noodwendig die verlossing deur die bloed van Jesus in sy verleiding uit nie. Nee dit kan maar daar wees. Daar moet net nie baie daarvan gemaak word nie. Hy skuif die klem net so 'n bietjie weg van genade en geloof na goeie werke toe. In hierdie tegniek van hom vind hy ongelukkig baie gewillige predikers as medewerkers. Miskien raak die predikers moeg en ongeduldig van wag vir resultate op hulle baie preke en val hulle vir hierdie truuk van satan. Almal wil tog resultate sien. Almal wil tog goeie dae by die gemeentelede sien. Wat is nou daarmee verkeerd om so 'n bietjie klem te lê op die doen van goeie dae?

Hier moet ons eers weer vir 'n wyle terugbeweeg na die begin toe.

## Liefde

God slaag Sy eie toets vir liefde. Alles gaan oor die geweldige motiveringskrag van die liefde van God. Wanneer die mens gelowig die verlossing van Jesus aanvaar, kom Jesus deur Sy Gees in die mens bly. Die Heilige Gees bring vir die mens, as vrug van Sy inwoning, in die eerste plek, liefde. Ons weet dat God se heel eerste gebod was dat jy God moet liefhê met jou hele hart en siel (Eks.20:6). Wanneer ons kyk na dit wat God en Sy Seun vir ons redding gedoen het, kan ons nie anders as om Hom intens lief te hê nie. Wanneer jy God so lief kry sal jy net nie kans sien om aan hierdie liefdevolle God ongehoorsaam te wees nie. Jy sal uit liefde altyd probeer doen wat Hy sê. Jy sal ook baie skuldig voel indien jy Hom teleurstel. Die liefde vir God en Jesus lei noodwendig tot die volgende stap van gehoorsaamheid en dit is om jou medemens so lief te hê soos jouself. Soos God Homself moes verloën om Sy reddingsplan, deur Jesus in aksie te stel, moet die mens ook homself verloën (Mat. 16:24). Hy moet homself kruisig, al sy begeertes en dit wat op homself gerig is, aflê. Liefde is immers die teenoorgestelde van selfsug.

Hier kom ons by nog 'n groot verleiding van satan. Hy buit die mens se behoefte, om self iemand en iets te wees, gruwelik uit. Hy het 'n vals redenasie geskep wat algemeen in die kerke vandag gebruik word. Hy leer, deur baie leraars vandag, dat jy jouself eers moet liefhê voordat jy hierdie liefdesgebod kan uitleef. Jesus sê egter iets heel anders; Hy sê dat die mens homself moet verloën en moet

kruisig. Al wat bedoel word met *ander soos jouself lief te hê* is dat daar 'n maatstaf gestel word vir die hoeveelheid liefde vir die medemens. Die mens is reeds so vol van homself en het homself alreeds so lief dat dit nie nodig is om 'n opdrag in hierdie verband te ontvang nie. God weet hoe lief ons onself in elk geval het. Indien satan se redenasie konstant deurgevoer word dat ons eers onself moet liefhê voordat ons ander kan liefhê sou dit beteken dat die eerste gebod, ten opsigte van ons liefde vir God bo alles, ook so geïnterpreteer moet word. Met ander woorde ons word dan aangesê om alles lief te hê op die aarde voordat ons God kan liefhê. Inteendeel, God verwag juis van ons, om Hom en Hom alleen, bo alles van die aarde lief te hê.

**Jehia: Die Here leef.**

Nog 'n subtiele gevaar, wat mense soms laat struikel, is die doen van die liefde volgens bepaalde maatstawwe. Dit is goed om kennis te neem van wat die liefde is en hoe liefde herkenbaar is. Die gevaar van 'n doengodsdiens is egter daarin opgesluit dat die kenmerke, die maatstawwe van liefde, hoe liefde lyk, verabsoluteer word. Die riglyne van die liefde is slegs daar om jou eie liefde te toets. Die riglyne van liefde mag nie die doel van die lewe word nie. Dink hier aan goeie dade. As jy die kenmerke van die liefde probeer doen, soos om vir jou medemens goed te wees, gaan jy misluk. So 'n uitlewing van liefde word 'n doengodsdiens. Dit word, soos satan dit so graag wil hê, 'n nabootsing van die liefdesdiens, wat vir die ware gelowige uit sy verhouding met Jesus gemotiveer word. Wanneer jy nie deur die liefde van God gedring word, om die liefde teenoor Hom en jou medemens uit te leef nie, moet jy die verhoudingsprobleem tussen jou en God gaan ondersoek. Hy is liefde, Hy gee die liefde, nie jy nie.

**Geloof, liefde en dade**

Die volgende lewerigtende woorde staan in Galasiërs 5: 6: *Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan..*

Wanneer die gedeelte in Efesiërs 2: 1 tot 10 bestudeer word vind ons dat dit hier gaan oor, om eers te glo, dan Jesus met Sy liefde te ontvang, en dan uit te gaan en die liefde te doen.

Wat sterk opval in hierdie gedeelte in Efesiërs, is die lang bespreking en beklemtoning van die Genade-aspek en dat die mens se *doen* niks met sy redding te make het nie. Efesiërs 2: 7 tot 9: Dit alles word vir ons saamgevat in die manier waarop God ons deur Jesus gered het sonder dat ons dit enigsins verdien het:

*Vra julle nou waarom julle nou juis gered is? Wel, dit is omdat God so goed is en julle Jesus so vertrou. Dit is nie iets wat onself kon reggekry het of kon doen nie: God het dit vir ons verniet gegee. Dit is nie iets waaroor enigeen van julle kan loop en spog nie, want dit is nie asof julleself daarvoor gewerk of dit verdien het nie. Nadat hierdie nie-verdienste redding goed gevestig is, word die laaste sinnetjie aan die doenaspek van die mens gewy: Hy het dit gedoen (ons redding) sodat ons reg en goed kan leef soos Hy lankal besluit het ons moet leef.*

Die kern van die mens se goed en reg leef, word gevind in die *liefde wat die mens dring tot goeie dade*. Hierdie liefde kan nie nageboots word nie, dit is alleen in 'n innige verbondenheid met God te vind.

### **Van gister tot vandag**

Ons sit vandag nog met die oeroue probleem van die mens wat wil god wees. Hy wil self sy eie heil uitwerk amper soos die moderne Sielkunde die mens vandag

nog leer. *Dit gaan oor die mens se selfaktualisering en nie oor God en die welstand van die medemens nie.* Die mens moet net sy eie vermoëns ontdek en dit dan in werking stel. Subtiel gebruik satan dan hierdie menslike swakheid, naamlik die begeerte om **altyd self iemand en iets te wil wees**. Hy oortuig die mens dat hy sy eie heil kan uitwerk en versterk die mens se onafhanklikheidstrewes. Deur die klem op die doen van goeie dade te laat val, slaag satan daarin om die begin, die oorsprong van goeie dade, uit te skakel. Hy kry dit reg om die mens te verlei om God, Jesus, Verlossing, Liefde en Selfverloëning uit die goeddoen van die mens uit te laat of ten minste te verklein. Die verleiding is so subtiel dat dit by die meeste gelowiges verbygaan, en so as een van die grootste misleidings van satan, gestalte kry. So glo die mens, kan hy sy eie redder word, deur goeie dade te doen.

Nog 'n verleiding waaraan meer aandag behoort gegee te word is die sukses wat satan behaal om die mens besig te maak, so besig te hou met sy doengodsdiens, dat hy bykans nie meer tyd het om 'n verhouding met God te bou nie.

**Jekutiël: God is beskerming.**

Jy sê, jy het aan jouself gesterf. Jy sê, God lewe nou in jou. Indien dit wat jy sê, waar is, dan sal jy seker ook soos God lewe. Jy sal nie teruggryp na die ou lewe toe, toe jy in beheer was, en jy gedoen het wat **jy** wou nie. Jy sal dan net doen wat God wil. Jy sal net doen wat eer aan Sy Naam bring. Jy sal net gefokus wees op Sy koninkryk. Natuurlik sal jy reikhalsend uitsien na die opheffing van die tydelike bestaan sodat die spanningslyn tussen jou ou wil (wat eintlik mos al gesterf het) en God se wil uitgewis kan word. Die dinge wat vir die ou mens belangrik was sal geen invloed meer in jou lewe uitoefen nie. Jy sal nie meer belang stel om dinge hier op die aarde te besit nie. Jy is mos 'n bywoner hier en jou skat is in die hemel. Jou vreugde sal ook nie om dinge in die wêreld wentel nie. Jy verbly jou mos in die Here wat in jou woon. Jy is mos ook nie bekommerd oor dinge van die wêreld nie want jy het gemaak soos God gesê het en jy het al jou bekommernisse na Hom toe gebring. Jy bedink natuurlik die dinge wat daarbo is, nie die dinge wat hier op die aarde is nie. Jy vertrou op Hom en nie op jou eie insigte, bekwaamhede, besittings, eiendomme, beleggings, polisse ens. nie.

Wanneer God dit nodig vind om jou te help, om van die ou reste van die ou identiteit, ontslae te raak, kom jy nie in opstand nie. Jy huil nie oor pyn, mislukking, teenspoed, armoede en terugslae nie, maar ag dit louter vreugde om vir die beter verhouding met Hom, gesuiwer te word van die reste van self wat



nog in jou oorgebly het. Jy weet mos dat jy die kruis van selfverloëning elke dag moet opneem. Jy weet tog dat jy in lyding iets van Christus se lyding ervaar en dat jy so geëer word om so 'n bietjie soos Hy te word.

Jy weet ook dat Christus in jou lewe, deur Sy Gees, en dat jy, in Hom, 'n nuwe identiteit ontvang het. Hoe sal die lewe van hierdie nuwe identiteit van God in jou dan lyk? Hierdie vraag word vier keer in die Bybel vir ons beantwoord. Die vier Evangelies spel uit verskillende hoeke en uitgangspunte vir ons die antwoord uit, wanneer Jesus se lewe hier op aarde, met ons gedeel word. Alles wat nodig is om te weet, al die vereistes waaraan gemeet moet word, word in die fynste detail vir ons hier uitgelig.

Die dood van die ou identiteit en die lewe van die nuwe identiteit is nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Hierdie proses, sal soos jy weet, elke dag in jou voltrek word. Dit mag dalk wees dat jy elke dag iets van die pyn van die dood van die ou mens sal moet ervaar voordat jy die volle vreugde, van God wat in jou lewe, sal deelagtig word. Ons mag wel weet dat ons saam met Christus gesterf het. Dit is net nodig dat Hy soms van die ou slegte reste, wat nog in ons oorgebly het, moet uithaal. Ons mag ook weet dat ons reeds Jesus in ons ontvang het, dat Hy vir ewig in ons woon. Ons moet Hom net toelaat om te wees wat Hy in ons wil wees, om Sy lewe in ons te lewe soos Hy wil.

Dood en lewe, is vir die gelowige mens bestem solank hy of sy op hierdie aarde lewe; dood aan die self en lewe, wat Hy in ons lewe

**Jemuel: Dag van God.**

In God was alles in die begin, in 'n volmaakte eenheid saamgevoeg. Toe het satan as aparte entiteit weggebreek. Die volmaakte eenheid was gebreek en God het satan, met 'n derde van die engele wat hom aangehang het, uit die hemel gegooi. Die Goddelike eenheid was aan die opbreek. Sonde het die opbreking begin. Satan het sy eie god geword en het gevoel dat hy God kan teenstaan. Na die Goddelike opbreking begin het, het God moontlik, satan en die engele vervang deur die mens vir Hom te skep. Die mens is in 'n ander dimensie geskep, 'n fisiese dimensie. Die mens en God was een maar daar was 'n slang in die gras. Satan, wat deel was van die opbreking van eenheid in die begin, het in die mens 'n bondgenoot ontdek om die opbreking van eenheid verder te voer. Hy kry dit reg om die mens tot sonde te oorreed. God was in 'n sekere opsig minder toegeeflik toe Hy die mens gemaak het as wat Hy teenoor satan was. Satan is nie met die dood gestraf vir sy oortreding nie maar God het die mens belowe dat hy sal sterf indien hy ongehoorsaam is. Dit is dan ook wat toe gebeur het. Sesduisend jaar gelede, het die mens en alles wat God aan hom toevertrou het, vanweë die mens se sonde, begin sterf. Die eenheid kon nie eintlik verder opbreek nie, 'n deel kon net afsterf. Sedert die afsterwe begin het, het die proses op verskillende maniere voltrek. Een van die wyses van afsterwe is lyding. Lying is een van die essensies van afsterwe. Lying kan op verskillende maniere manifesteer. So het Adam

direk na die sondeval die lyding van vrees ervaar. Net hierna, manifesteer lyding in vrees. Dan in skaamte by die besef dat die mens kaal is. Aangesien die omgewing ook aan die sondeval van die mens onderworpe was, het dood en lyding ook hier ingetree. So kan die geween van 'n boom met fyn instrumente waargeneem word, wanneer sekere diere daaraan vreet. Die lyding van die natuur kan, in die agteruitgang en sterf daarvan, waargeneem word. Berge sterf, waterstrome hou op vloei, moeras word woestyn, die krag in die grond verdwyn, die pole smelt, die kosproduksie is nie meer genoeg vir die mens nie, ens. So stuur die natuur op totale vernietiging af.

Die mens se lyding as deel van sy afsterwe word in verskillende begrippe duidelik opgemerk. Die **liefde**, wat die eenheid van die Goddelike gekenmerk het, word deur haat vervang. **Haat** verbreek die eenheid verder. **Selfsug** isoleer die mens van sy medemens, **onvergewensgesindheid** breek die band tussen mense verder af. Al minder eenheid, al meer **verwydering** vind plaas.

Die verbreking van eenheid, is soos verskietende sterre, wat al verder en verder van mekaar af wegbeweeg, in die oneindigheid in uitbrei in nuwe sterre en sterrestelsels. Die omvang van die opbreking van die eenheid is so ontsagwekkend dat geen menslike verstand dit in sy volheid kan bedink nie.

**Jesaja: Die Here is my heil.**

Toets jou menslike begrip aan die volgende:

Lig beweeg teen die spoed van ongeveer 300,000 kilometer per **sekonde**. Dit wil sê lig kan in een sekonde sewe keer om die aarde trek. Kan jy 'n denkbeeld vorm van hoe vêr lig in 'n **minuut** kan trek, dit wil sê 60 keer maal 300, 000 kilometer of te wel 400 keer om die aarde. Hier begin die menslike verstand hom al in die steek laat. Die konsep raak te geweldig. Indien jy 'n uitsonderlike brein het sal jy miskien nog 'n denkbeeld kan vorm van hoe ver lig in **een uur** kan trek, dit wil sê 60 maal 60 maal 300,000 kilometer of te wel ----- ens. Geen mens kan 'n denkbeeld vorm van hoe ver lig in **een dag** van 24 uur lank kan trek nie. Wat nou van 'n **maand**? Of van 'n **jaar**? In elk geval trek lig in een jaar ongeveer 9,000,000.000,000 kilometer ver. Dit word 'n **ligjaar** genoem. In die verskietende hemelruim is dit die meetinstrument waarmee afstande gemeet word. Die verskietende hemelruim is ontsaglik groot. Probeer dink aan **20 miljoen ligjare** (Gideon Joubert; Die Groot Gedagte p. 29).

Behalwe die uitdeierende aard van die heelal is daar ook 'n ander moontlikheid.

Luister hoe Gideon Joubert dit in sy boek, Die Groot Gedagte, beskryf (p.275):

*As genoeg materie ontdek sou word, beteken dit dat die heelal eendag duisende miljoene jare van nou af, weer sal saamtrek en instort, tot dit weer 'n enkelheid is---*

Die moontlikheid dat die heelal weer tot 'n eenheid kan saamtrek open interessante moontlikhede. Is dit moontlik dat die Goddelike eenheid ook weer herstel sal word? Jesus leef immers in Sy kinders. Hulle word 'n eenheid met Hom en bly in Hom. Jesus is een met Sy Vader. So sal ons ook een word met God in Jesus. Alles wat nie deel van hierdie Goddelike eenheid is nie sal verbrand. Beweeg alles in die skepping terug na hierdie eenheid toe wat bestaan het voor satan uit die hemel gegooi is? Is lyding simptome van die uitmekaarval, die verwydering in die skepping? Sal liefde, vrede en vreugde simptome wees van die inploffing en eenword van alles. Sal liefde alles weer een maak soos dit was voor die sondeval?

**Jibneja: Die Here bou.**

Vanweë ons sondes is ons almal oppad na die ewige dood toe, of te wel die verdoemenis, of die hel. Daar is net een manier om die hel vry te spring. Maar die tragiese is dat indien **dit jou motivering is om die hel vry te spring**, daar niks is wat jou uit die hel kan hou nie. Dan is die een ontsnaproete uit die hel, vir jou toegesluit. Vrees vir die hel, is nie genoeg om jou uit die hel te hou nie. Die teendeel van vrees, naamlik liefde, kan jou wel uit die hel hou. **Dan ook nie jou liefde nie maar Iemand anders se liefde vir jou.** Dit werk so dat jou verdienste, en wat jy kan doen, niks met jou verlossing uit die hel te make het nie. Nee, dit is Iemand anders se verdienste, Iemand anders se liefde, wat jou uit die hel hou. God die Vader het jou oneindig lief. Daarom het Hy 'n plan gemaak om jou uit die hel te red, die plek waar jy vir al jou sondes moes gaan boet het. Nou hoe het Hy dit reggekry? Onthou dat God absoluut regverdig is. Hy kan sondes nie sommer net oorsien nie. Daar moes geboet word vir jou sondes. In Sy groot liefde het God besluit dat Sy Geliefde Seun, die Here Jesus Christus, Hy wat nog nooit enige sondes gedoen het nie, in jou en my plek gestraf moet word vir ons sondes. Die straf moes voldoende wees om as volle boete vir ons oortredings te kon betaal. Geen hoër prys as God se eie Seun, kon betaal word nie. Deur Jesus se ontsettende lyding en dood het Hy die volle boete vir ons vrypraak betaal.

Hy het egter nie net gesterf nie maar Hy het satan, hy wat die mens altyd verlei om sondes te doen, oorwin en onderwerp. Hierna het Jesus uit die dood opgestaan. Omdat Hy in ons plek vir al ons sondes geboet het, het Hy die reg om by God, ons Vader, vir ons in te tree ( Hand. 2:37). Hy herinner God dat Hy reeds vir al ons sondes geboet het, en dat ons gevolglik vrygespreek kan word. Die enigste wat ons moet doen, om vir vrypraak te kwalifiseer, is om hierdie evangelie aangaande Jesus, die Messias, te glo (Joh. 3:16).

Nou dat jy weet hoe jy gered word, is jy ook gereed om te glo dat Jesus se offer aan die kruis voldoende was om vir jou sondes te betaal. Om te glo beteken dat jy aan Jesus vashou, as die Enigste Een, waardeur die verlossing kom. Dit beteken ook dat jy op Hom alleen vertrou as jou Verlosser. Dit is so mooi: **Jesus, beteken Redder, Verlosser en Heil.** Wanneer jy Hom vertrou vir jou verlossing, beteken dit dat jy aanvaar dat dit wat Hy gedoen het vir jou bedoel is. Jy steek jou hande uit, jy aanvaar die verlossing, jy vat dit vir jouself, jy maak die deur van jou hart oop vir Hom, sodat Hy deur Sy Gees in jou kan kom woning maak. Hierdie proses van aanvaarding kan net verstaan word indien jy aan 'n klein kindjie dink, wat 'n geskenk van iemand aanvaar. So 'n kind is opgewonde, opreg, probeer nie self betaal vir die geskenk nie, vertrou volkome die gewer en is afhanklik. Hy steek sy handjies gretig uit, vat die geskenk en is bly. Jy kan ongelukkig nie iets met jou hande aanvaar indien jy iets anders in jou hande vashou nie, veral nie so 'n groot geskenk soos jou ewige verlossing en redding nie. Daarom sal jy jou hande

en jou hart moet leegmaak, van alles wat die aanvaarding van die geskenk sal bemoeilik. Dit sal nou dinge wees soos die eie ek, selfsug, liefdeloosheid, om ander nie te wil vergewe nie, liefde vir die wêreld en wat die wêreld jou kan bied, geheime wellustige dinge, haat en al sulke dinge. Die oomblik dat jy jou redding so aanvaar, sterf die ou mens en 'n nuwe jy-mens, word gebore; die mense noem dit wedergeboorte. Alles word dan nuut (2 Kor. 5:17). Die ou slegte mens is dood en God dink nooit weer aan wat daardie mens gedoen het nie. Hy bestaan mos nie meer nie. Die nuwe mens moet ook soos 'n pasgebore baba begin asemhaal. Dit is wanneer die Heilige Gees in die mens inkom en nuwe lewe inblaas. Indien die mens dan die Heilige Gees toelaat om sy lewe te beheer en te bestuur sal Hy wonderlike vrug in die mens se lewe dra. Die vrug sal die volgende wees: *Liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing* (Gal.5:22). So sal die babatjie begin groei, totdat hy as volwasse Christen, weer ander mense sal help, om in Jesus se Koninkryk in te kom en te begin lewe.



**Jeberegja: Die Here seën.**

Wie van ons het nog nie 'n beskuitjie of 'n koekie in ons tee of koffie gedoop nie. Merkwaardig hoe die ou droë beskuitjie die koffie opneem en in iets heel anders omvorm word. Nou na die doping in die koffie word die droë onsmaklike beskuit 'n geurige, sagte verteerbare happie, deurtrek van koffiegoedheid.

Is dit moontlik dat 'n mens tydens sy doping ook so kan verander? Wanneer ek in Jesus se dood gedoop word, soos dit in Romeine 6 vermeld word, word ek tog een met Jesus in Sy dood. Dit wat ek was, die ou droë onsmaklike mens wat ek was, word nou met Jesus se dood deurweek. Ek word heeltemal verander. Die ou mens is net nie meer dieselfde nie. Ek neem Jesus se dood in my op en die ou mens in my sterf. Ek word ook in Jesus se opstanding gedoop. Wanneer ek in Sy opstanding gedoop word, word ek deurtrek met Sy nuwe lewe. 'n Mens kan sê ek word in Sy Gees gedoop. Daar is niks anders as 'n uiterlike struktuur van my ou mens oor nie, soos die gedoopte beskuit. Ek is gevul met die heerlike geur van Christus se Gees. Ek word dan 'n vrug, 'n bruikbare eetding vir my medemens, deurtrek van Goddelike goedheid. Soos ek deur my doping in die Heilige Gees die Heilige Gees in my opneem word ek ook deurtrek met God se genade. Nou kan ek God se genade aan ander gee. Met ander woorde ek kan met God se genade ander vergewe vir wat hulle aan my gedoen het.

Om gedoop te word, soos 'n beskuitjie, veronderstel tog onder- of indompeling. Ek kan tog nie net 'n paar druppeltjies koffie op die beskuitjie sprinkel nie. Nee die beskuit moet in die koffie gedruk word. Die beskuit moet in die koffie gehou word, daar moet geleentheid wees vir opname van die koffie. So moet die mens in die doopwater gedruk word, onder gehou word. Geen mens kan onder die water asemhaal nie. Jy moet onder die water ophou asemhaal. Wanneer jy ophou asemhaal hou jy op met lewe. So moet die ou mens onder die doopwater sterf. Wanneer die mens uit die water opkom sal hy 'n asementeug neem. Hy sal begin lewe met 'n nuwe lewe, die lewe van die Gees van God. Soos God in die eerste mens die asem van die lewe ingeblaas het sal die mens na sy doping die eerste asem van die Ewige Lewe inasem. Hy sal begin om vir ewig te lewe.

Wanneer 'n mens Romeine 6: 1 tot 12, lees val iets jou dadelik op. Dit is dat hierdie dinge nie met 'n pap, swak babatjie kan gebeur nie. Indien jy hierdie gedeelte biddend, oop vir die Heilige Gees se leiding, gestroop van voorafopgestelde dogmas, lees, is ek seker dat jy tot dieselfde gevolgtrekking sal kom. Waarom probeer jy dit nie doen nie?

Baie gelowiges beroep hulle op die 1953 vertaling van die Bybel as die mees korrekte vertaling. Waarom word die versie in Markus 16: 16 dan nie in die oorspronklike vertaling deur so baie mense aanvaar nie? Daar staan immers hierdie, so maklik verstaanbare, woorde:

***Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word,***

Weereens is dit vir die pap, swak babatjie onmoontlik om aan hierdie woorde gehoor te gee. Wat is dit wat maak dat mense, menslike dogma, elke keer hoër outoriteit gee as wat in die Bybel staan?

**Jedidja: Deur Jahwe bemin.**

Dikwels beroep die voorstanders van die babadoop hulle op Handeling 2: 39.

***Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.***

Hierdie voorstanders van die babadoop sal dan gerieflikheidshalwe vergeet om die voorafgaande versie ook te lees. Hier staan die volgende geskryf:

***En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.***

Weer kan die vraag gevra word of 'n klein pap babatjie hom kan bekeer, hom kan laat doop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes en dan ook die gawe van die Heilige Gees kan ontvang?

Kom ons keer vir 'n wyle terug na Handeling 2: 39. Die sleutel vir die toeëiening van die belofte is

***die wat die Here onse God na Hom sal roep.***

Weer kan gevra word of 'n pap babatjie na die Here geroep kan word. Kan so 'n babatjie Jesus se stem hoor, kan hy verstaan, kan hy gehoor gee, kan hy 'n besluit neem, kan hy tot bekering kom, kan hy 'n keuse vir of teen Jesus maak?

Kom ons neem die onwaarskynlike moontlikheid dat 'n baba wel hiertoe instaat is en dat hy gered word, gedoop word en die gawe van die Heilige Gees ontvang. So 'n baba sal dan volkome gered wees en sy naam sal in die boek van die lewe opgeskryf wees. Tog vereis die voorstanders van die babadoop dat hierdie baba wanneer hy of sy volwassenheid bereik, die Here Jesus as Verlosser moet aanneem voordat so 'n kind gered kan word. Die vraag ontstaan nou wanneer sal so 'n geredde kind van God dan verlore gaan indien hy of sy hom of haarself nie bekeer nie.. Indien hy of sy nie verlore gaan sonder 'n persoonlike bekering nie, waarom moet hy of sy dan tot bekering kom en persoonlik Jesus as Verlosser aanneem? Gaan hy as onbekeerde verlore as hy 10 is, of as hy 13 is, of as hy 18 is of as hy 21 is? Wanneer besluit God daar was nou genoeg tyd om jou te bekeer, nou van hierdie oomblik af is jy verlore en trek Ek dit wat gebeur het by jou doop terug. Predikante was in die verlede lief om in die gebed, na die baba se doop, te bid dat die kind se naam in die Boek van die Lewe geskryf moet word. Wanneer word hierdie gedoopte kind se naam weer uit die Boek van die Lewe uitgewis indien die kind nie later in sy of haar lewe tot bekering kom nie?

**Jahwe Tsebaoth: Lord of hosts.**

Indien ons oor iets twyfel kan ons altyd na die voorbeeld wat Jesus gestel het gaan kyk. Wat het Jesus ten opsigte van die doop vir ons as voorbeeld gestel? Om die vraag te beantwoord moet ons kyk na wat in Matteus 3: 13 tot 17 vir ons opgeteken is (1953 vertaling).

***Toe het Jesus van Galilea na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word.***

***Maar Johannes het Hom ernstig teëgegaan en gesê: Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?***

***Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. ( In die 1983 vertaling staan: want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen. In die Amplified Bible word hierdie deel soos volg vertaal: for this is the fitting way for (both of us ) to fulfill all righteousness (that is to perform completely what is right). Daarna het hy Hom toegelaat.***

***En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim ( He went at once up out of the water, ) en meteens gaan die hemel vir Hom oop en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom.***

*En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek  
'n welbehae het.*

Leser, wil u nie vir 'n klein rukkie toelaat dat die Heilige Gees met u praat nie.  
Maak u net vir die volgende 5 minute los van al die dogmas wat u so beheer. Lees  
hierdie gedeelte oor Jesus se doop weer en word net stil en vertrou Hom om vir  
U die volle waarheid van hierdie gedeelte oor te dra.

So baie wesentlike waarhede in die Bybel, is in maklike verstaanbare taal vir ons  
opgeteken, sodat die eenvoudiges wat die Bybel lees, dit ook kan verstaan.  
Waarom het die skrifgeleerdes deur ingewikkelde beredenerings en verklarings  
dit vir die gewone mens so moeilik gemaak om dogmas te probeer begryp,  
dogmas ook ten opsigte van die doop?

**Jigdalja: Groot is die Here.**

In Johannes 3: 5 staan hierdie interessante woorde opgeteken:

Jesus het geantwoord: “ Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. Die 1953 vertaling het by hierdie versie ten opsigte van die water ‘n verwysing na Markus 16:16 waar die volgende opgeteken is:

*Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word.*

Een verklaring wat dus met die gebore uit die water (Joh.3:5) verbind word, is die doop van die mens.

Die Bybel in Praktyk verklaar die versie in Johannes 3: 5 soos volg:

Uit water en Gees kan verwys na die kontras tussen die fisiese geboorte (water) en die geestelike (Gees) geboorte.

Ons het hier dus reeds twee moontlike verklarings vir hierdie gedeelte.

Die hele geskiedenis van die Samaritaanse vrou se gesprek met Jesus, by die Put van Jakob, bring egter die moontlikheid van ‘n ander betekenisgewing, aan hierdie spesifieke gedeelte, na vore (Joh.4:9).

Bykans hierdie hele gedeelte is opgebou om die tema van water: Jesus rus by die Put van Jakob terwyl Sy dissipels gaan kos koop het. ‘n Vrou kom haal water by



die put. Jesus vra haar vir water. Sy weier om vir Hom water te gee en Hy bied vir haar water aan wat haar dors vir ewig sal les. Jesus gebruik in Sy alwysheid alles van hierdie vrou se leefwêreld om in haar versoek te voldoen dat sy ook van hierdie water, waarvan Jesus praat, wil hê. Min weet sy wat sy eintlik vra. Eintlik vra sy dat haar siel gered moet word en dat die water van die Heilige Gees vir ewig in haar sal opborrel. Jesus kom haar diepste sielsbehoefte vervul wanneer Hy haar geestelike dors les. Sy, wat so rondgeloop het, en lewenssin in verhoudings met mans gesoek het. Onbewustelik is sy besig om die water van die lewe te drink, die water wat Jesus op die mooiste manier denkbaar vir haar aanbied. Eers lei Hy haar na 'n sondebeseft toe, dan bied Hy vir haar 'n oplossing vir haar sondes aan. Dan gee Hy vir haar geloof om haar in staat te stel om Hom as Messias te herken, en in Hom te glo. Sy het nie eers geweet dat sy die ewige water van redding van Jesus ontvang het nie. Sy was nie bewus daarvan dat sy diep teue van die Ewige Lewenswater gedrink het nie. Sy het egter dadelik die kruik, waarin sy haar water normaalweg dra, net daar gelos en gehardloop om die lewende water wat reeds in haar opgeborrel het met ander te gaan deel. Sy kon hierdie wonderlike dinge wat met haar gebeur het net nie vir haarself hou nie. Sy het dadelik 'n verkondiger van hierdie wonderlike boodskap van Jesus geword. Deur haar toedoen het die hele ou dorpie van die Samaritane Jesus as Verlosser, en so die Ewige Water, ontvang. Die mense was so opgewonde oor Jesus dat hulle hierdie Jood, met wie hulle normaalweg niks te doen sou wou gehad het nie, net

nie wou laat gaan nie. So moes Jesus twee dae by hulle deurbring. Wanneer jy van hierdie Water, wat Jesus uitdeel, begin drink, verander alles.

Die mooi van hierdie verhaal is, onder andere, dat die Samaritaanse vrou weer gebore is uit die Ewige Water wat Jesus vir haar belowe het. Sy is nie net wedergebore nie, sy is ook deur hierdie water gedoop. Nêrens word vermeld dat sy of die inwoners van haar dorpie, nadat hulle Jesus aangeneem het in water gedoop is nie. 'n Mens kan sê dat hierdie vrou deur water gedoop is sonder dat daar water teenwoordig was. Sy is ook gewas van haar sondes sonder dat daar fisiese water was. Haar dors is ook geles sonder water. By Jesus is alles moontlik. Net soos Hy ons, soos 'n kameel deur die oog van 'n naald red, so red en doop en was Hy hierdie mens sonder water.

10 Mei

**Dorings**

**Jimna: Mag die Here verdedig.**

(Gelykenis van die Saaier)

Mat. 13: 7 (Amplified Bible)

*Other seeds fell among thorns, and the thorns grew up and choked them out.*

Verklaring Mat. 13:22

*And for what was sown among thorns this is he who hears the Word, but*

- 1. The cares of the world*
- 2. And the pleasures*
- 3. And delight*
- 4. And Glamour*
- 5. And deceitfulness of riches*

*Choke and suffocate the Word and it yields no fruit*

Wat veroorsaak dat die Woord nie in jou en my lewe die gewenste vrug dra nie?

Is dit dalk ons behepthed met kommer en onsekerheid, in plaas van om op God se uitnodiging, ons laste na Hom toe te bring?

Is dit dalk ons behepthed met plesier en om die lewe te geniet?

Is dit dalk ons entoesiasme oor dit wat die lewe bied, oor die prestasies van mense en wat mense tot stand bring, die wonder van tegnologie?

Is dit die blink dinge van die lewe wat ons hoogste doel word?

Is dit dalk die valsheid van verwagtings wat met rykdom gepaard gaan?

Wat versmoor die Woord van God in ons lewens en maak dat daar nie vrug is op die saad wat so mildelik in ons lewens gesaai word nie?

Laat ons satan toe om tussen die saad van God se Woord ook onkruid in ons lewens in te saai? Een manier waardeur satan groot sukses behaal is die leuen.

Satan is die vader van die leuen. Om onkruid in jou lewe te ontdek moet jy veral let op dinge wat as waarheid aan jou opgediep word maar wat dikwels halwe waarhede bevat en soms blatante leuens is. Ons lewe in 'n *make believe world*.

Die werklikheid het grootliks in 'n virtuele werklikheid ontaard. Neem maar net kommunikasie as voorbeeld. Die sosiale media soos Facebook, Whatsapp, Twitter ens. het een tot een kontak, oogkontak, fisiese aanraking soos om iemand met die hand te groet, grootliks vervang. Die mens se sosiale behoeftes word deur virtuele kontak bevredig sodat die ware ding selde tot sy reg kom. Die *make believe world* strek veel verder as net kommunikasie. Neem nou maar net die mensdom se verslawing aan sepies, fliks, video's en rekenaarspeletjies waar jy kan ontvlug in die droomwêreld van ander se vreugdes en ellendes. Die internet is nie 'n boek nie en tog word baie boeke op die internet gelees. Wikipedia is nie 'n werklike ensiklopedie nie maar word meer as enige ensiklopedie geraadpleeg totdat die grens tussen werklikheid en virtuele werklikheid so vervaag dat 'n mens die virtuele vir die werklikheid aansien. Die grens tussen werklikheid en virtuele

werklikheid vervaag verder by robottegnologie en Driedimensionele drukkers. Dit is asof 'n mens se verstand wil begin rebelleer en of dit toenemens moeilik raak om die leuenwerklikheid te herken. *Make believe* is 'n interessante konsep. Dit is die onwerklike wat deur geloof as werklikheid aanvaar word. Seker die grootste bydraende faktor tot die aanvaarding van die leuenwêreld as werklike wêreld kom deur die invloed van die media. Neem maar net 'n koerantberig as voorbeeld. Jou geloof in die waarneming, interpretasie en konteksverklaring van die joernalis moet geweldig groot wees. Die joernalis skep vir jou 'n werklikheid soos hy of sy wil, afhangende van die joernalis se integriteit, deur die gebruik van woorde.

**Oppas vir die onkruid wat die goeie saad verstik.**

**Jirpeël: God bou op.**

*(1 Kronieke 21)*

Hierdie is seker een van die interessantste hoofstukke in die Bybel. Hier kry ons in vers 1 die volgende: *Satan was teen Israel. Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou.* Dawid swig voor hierdie verleiding. Op die oog af wonder 'n mens wat nou daarmee verkeerd kon wees. Om 'n volkstelling te hou is op sigself nie verkeerd nie maar Dawid het die volkstelling om die verkeerde rede gehou. Hy het sy eie eer gesoek. Hy wou sien hoe groot en sterk hy, die koning van sy ryk, is. Hy wou weet oor hoeveel onderdane hy heerskappy uitoefen. Hier het dit dus nie oor God gegaan nie maar oor Dawid se eer, sy grootheid en sy selfgenoegsaamheid.

In vers 7 staan die volgende: *In die oë van God was die saak verkeerd en Hy het Israel daarvoor swaar gestraf.* Dawid reageer hierop in vers 8: *Dawid het teenoor God bely: Ek het swaar gesondig toe ek hierdie ding gedoen het. Vergewe tog nou my oortreding! Waarlik ek het baie dwaas opgetree.*

Dan word deur die profeet Gad drie opsies van straf vir Dawid voorgelê. God gee hom 'n keuse. Hy kan self sy straf kies. (Vers 11)

1. Kies drie jaar hongersnood of

2. *of om drie maande lank op die vlug te bly voor jou teenstanders en deur die swaard van jou vyand agterhaal te word, of*
3. *drie dae waarin die swaard van die Here self en die pes in die land is en die engel van die Here dwarsoor die Israelitiese gebied verderf saai.*

Dawid verklaar dat hy lievers in die hand van God wil val as in die hand van mense want daar is eerder kans vir genade vir hom. Hy kies dus die derde opsie.

Dan begin God Sy oordeel voltrek. Sewentig duisend Israeliete sterf. Net toe die engel van God Sy oordeel oor Jerusalem wil begin voltrek stop God die engel.

Hierdie genadebetoning was as gevolg van Dawid se verootmoediging voor God:

*Dawid het vir God gesê: Dit is tog ek wat opdrag gegee het om 'n sensus van die volk te hou en ek wat gesondig het. ---Here tree tog op teen my en my familie, maar nie met 'n plaag teen u volk nie. (Vers 17)* God verhoor hierdie gebed en so word Dawid 'n tipe van Christus waar hy en sy familie in die plek van die hele volk gestraf word.

Dawid ontvang dan die volgende opdrag: *Die engel van die Here het toe vir Gad opdrag gegee om vir Dawid te sê hy moet vir die Here 'n altaar gaan oprig op die dorsvloer van Arauna die Jebusiet.( vers 18)*

Arauna wou aanvanklik nie hierdie dorsvloer aan Dawid verkoop nie en wou dit aan Dawid skenk. Weer tree Dawid as 'n tipe van Christus op wannier hy in hierdie verband verklaar: *Ek bring nie 'n brandoffer wat my niks kos nie (Vers 24).* Dawid betaal dan ook die massiewe prys van sewe kilogram goud vir hierdie

dorsvloer van Arauna. Dit is 'n heilige getal. Dit dui daarop dat God baie met hierdie transaksie te doen gehad het. God self het hierdie plek aangewys. Hierdie dorsvloer was 'n baie heilige plek. In Hoofstuk 22:1 verklaar Dawid dan ook van hierdie grond: *Die Heiligdom van God, die Here, is nou hier by die dorsvloer en hier is ook die brandofferaltaar vir Israel.*



**Jismagja: Die Here ondersteun.**

Op hierdie dorsvloer van Arauna is die tempel dan ook deur Salomo, Dawid se seun, volgens God se opdrag gebou en het die woorde van Dawid in vervulling gegaan: *Gee nou hart en siel daaraan om aan die Here julle God gehoorsaam te wees en begin bou aan die heiligdom van God die Here sodat die verbondsark van die Here en die gewyde voorwerpe van God ingebring kan word in die huis wat vir die Naam van die Here gebou sal word( 1 Kronieke 22: 19).*

Hierdie dorsvloer van Arauna, die tempelberg waar God se tempel gebou is, is dieselfde plek waar Abraham vir Isak moes offer. In Genesis 22: 2 staan hierdie woorde: *God het vir hom ( Abraham) gesê: Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys.* Hier sien ons weer 'n heenwysing na Christus toe. God gee Sy enigste Seun, sy geliefde, as offer vir ons sondes. Die enigste verskil met Abraham is dat Abraham net getoets is om te sien of hy God selfs liewer as sy enigste seun het terwyl God voluit Sy Seun as offer vir ons uitgestort het tot in die dood toe.

Ook in hierdie gedeelte waar Abraham vir Isak moet offer gebeur dit soos by die dorsvloer van Arauna in Dawid se tyd, en stop God deur Sy Engel die slagting wat sou plaasvind.

Interessant genoeg is hierdie offerplek van Isak, die tempel terrein waar Salomo God se tempel sou bou, die plek waar die tempel na die ballingskap herbou is, die tempel wat Herodus in Christus se tyd herbou het, die dorsvloer van Arauna en die terrein waar die Moslem se Dom van die Rots tans staan, presies dieselfde plek. Dit is ook die plek waar die tempel vir Israel weer herbou sal word tydens die sewe jaar van Groot Verdrukking (Openbaring 11:1).

**Jismaja: Die Here verhoor.**

Die drie kruise op Golgota mag drie kruisgebeure verteenwoordig. Die drie kruise kan dui op die kruis van **God** die kruis van **Jesus** en die kruis van die **mens**.

**God** is alwetend en almagtig. Sy aard is liefde. Liefde is in wese selfverloëning. Met ander woorde kruisiging van die self. God moes dus, en is nog steeds besig, om in Sy liefde vir die mense, in die mens se belang op te tree. Indien dit nie die geval was nie sou Hy tog nie nodig gehad het om Sy kosbaarste Besitting, naamlik Sy Seun, op te offer in mense se belang nie. Die kruis gaan nooit sonder lyding gepaard nie. Ook God moes gely het toe Hy gesien het hoe die mense Sy Geliefde Seun mishandel, gesel, verniel, slaan, spoeg en doodmaak. Ook God het kruisgedra in ons belang. God moes teleurgesteld gewees het toe die mens verkies het om eerder na satan te luister as na Hom, daar in die paradys, lank gelede. Hoe erg moes die pyn vir God nie gewees het toe die Israeliete, Sy uitverkorenes, vir wie Hy so baie wonders gedoen het, verkies het om voor 'n dooie afgodsbeeld, eerder as voor Hom, te buig nie. Dit is geen wonder dat Hy toe gekies het om Israel uit te wis nie. Indien dit nie Moses was wat Hom aan Sy beloftes herinner het nie, sou God sekerlik al hierdie mense uitgewis het, en vir Hom vanuit Moses 'n nuwe volk gebou het (Eks. 32:10). Ook in hierdie ervaring van God, om die slegte mense genadig te wees en hulle weer 'n kans te gee, is 'n stuk kruisdra in opgesluit. So het God dikwels daarna, weer met pyn, Sy kruis van liefde en

verdraagsaamheid vir die mense, gedra. Indien dit nie vir die feit was dat God bereid was om kruis te dra, in Sy groot vergifnis en verdraagsaamheid vir ons nie, sou die mens al lankal uitgewis gewees het.

**Jesus** se kruisdra in die belang van ons redding is welbekend. Wat Sy kruisdra ontsettend moeilik moet maak is as Hy sien hoe die mense Sy kruisdra verag, Hom verwerp, aan Hom ongehoorsaam is, vals is en nie bereid is om Hom te vertrou vir hulle redding nie. Hy ly omdat die mens afvallig raak nadat Hy hulle gered het. Hy ly omdat Hy vir die mens lief is en sien dat die mens, nieteenstaande Sy reddingsplan, verkies om die ewigheid sonder Hom in die hel deur te bring. Ook vir Jesus gaan die kruisdra dus voort.

Indien na hierdie twee kruise op Golgota gekyk word is dit nie snaaks dat daar nog 'n kruis op Golgota staan nie. Dit is **ons kruis**. Dit is die kruis van selfverloëning. Indien ons kruis van selfverloëning nie ook op Golgota geplant staan nie, staan die eerste twee kruise tevergeefs daar.

**Jismerai: Die Here behoed.**

Die **eerste Onse Vader** is die tradisionele een wat deur Jesus vir Sy dissipels geleer is toe Hy op die aarde was (Mat 6:9):

Die volgende Onse Vader kan van hierdie eerste een afgelei word. Dit is veel later en Jesus is toe al terug hemel toe. Die Heilige Gees is uitgestort en die wedergebore kind van God kon toe miskien 'n **Nuwe Onse Vader** bid volgens die model van die eerste Onse Vader:

*Jesus, ons Verlosser, Seun van God sal U vir ons by die Vader met U verdienste intree. Ons wil in U Naam tot die Vader bid. Heilige Gees sal U asseblief hierdie woorde so omvorm dat dit vir God in Sy heiligheid aanvaarbaar sal wees.*

*Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees mag U Naam vandag oor die ganse aarde die lof, eer en aanbidding ontvang wat U toekom. U is Almagtig, Ewig, Koning, Heilig, liefdevol en onbeskryflik heerlik.*

*Here gee asseblief dat U Woord, Jesus, aan die ganse wêreld bekend gestel sal word. Seën asseblief elkeen wat hierdie Woord bring, berei die harte voor vir die Woord en laat daar asseblief vandag baie siele inkom in U koninkryk. Sal U ook asseblief U gelowige kinders vashou sodat satan nie een uit U hand sal kan ruk nie. Sal U so U koms na hierdie hierdie aarde verhaas deur gou elkeen in te bring wat nog kan inkom.*

*Ons weet, O God, dat dit U wil is dat U verheerlik moet word en ons weet Liefdevolle Jesus, dat U koninkryk moet kom. Ons weet ook dat dit U wil is O Heilige Gees, dat U liefdeswil vir die wêreld uitgevoer moet word. Sal U ons dan deel daarvan maak. Help ons, o Heilige Gees, om U toe te laat om ons te beheer en te bestuur en te lei sodat ons U liefdesvrugte in hierdie wêreld kan dra, dat ons U vrede sal versprei en dat U blydschap in ons vir die wêreld sigbaar sal wees.*

*Gee ons asseblief vandag vir ons wat ons nodig het om U wil te doen. Sal U die geestesenergie verskaf om U te eer, U koninkryk te laat kom en U wil te doen. U weet wat ons hiervoor nodig het. Gee vir ons dan die Brood van die lewe en die Ewige Water soos ons dit vir hierdie dag nodig sal hê.*

*Dankie Jesus dat ons sondes vergewe is .Help asseblief dat ek in U liefde almal sal vergewe wat onreg aan my doen, almal wat my sleg behandel, almal wat van my skinder, almal wat my benadeel en almal wat verkies om nie U Woord te aanvaar nie. Dankie dat U voortdurend vir ons intree by ons Vader wanneer satan ons aankla oor dit wat ons verkeerd doen. Help ons om ook so in te tree vir almal wat ons benadeel.*

*Here lei ons tog so deur hierdie lewe dat dit nie nodig sal wees om ons te toets en te beproef nie. Nogtans nie ons wil nie maar U wil geskied. Wanneer U ons toets Here sal dit wees volgens U belofte dat dit nie bo ons kragte sal wees nie. Dankie dat U ook saam met die beproewing die uitkoms gee. Amen.*

Die **derde Onse Vader** sal die een wees wat ons in die hemel sal bid wanneer alles verby is en ons by Hom is. Dit mag so klink:

*Heilig, Heilig, Heilig is die Here God.*

*Alle Lof, eer en dank kom Hom toe,*

*tot in alle ewigheid.*

*Amen, Amen Amen.*

Hierdie woorde sal in die wonderlikste klanke tot in alle ewigheid herhaal word sonder dat dit ooit genoeg eer aan Hom sal kan bring.

**Joahas: Die Here hou vas.**

Daar was 'n man wat graag genoeg geld wou gehad het om mee te kan aftee. Vir die doel het hy sy lewelank hard gewerk en gespaar. So het hy dan ook vir hom heelwat dinge vergader; geld, eiendomme, aandele en beleggings. Hy het altyd gedink dat indien hy genoeg gespaar en belê het, hy sonder bekommernisse sou kon aftree. Hy sou na 'n lang lewe van swoeg en sweet so 'n bietjie van die dinge van die lewe kan geniet. Hy sou nie meer nodig hê om hom oor die daaglikse voorsiening te bekommer nie. Hy sou bietjie saam met sy vriende kon gaan hengel, hy sou 'n bietjie oorsee kon gaan toer. Maar die belangrikste hy sou vir die eerste keer in sy lewe onafhanklik wees. Daar sou nie 'n baas wees wat gedurig oor sy skouer loer nie. Hy sou kon doen wat hy wil. Die hele gedagte aan die sekuriteite, wat hy vir homself opgebou het, het hom rustig gemaak oor die toekoms.

Daar was ook 'n tweede en derde pensioenaris van wie Jesus ons vertel in Lukas 12:17 en verder.

*Eendag was daar 'n baie ryk man. Hy was 'n groot boer wat die een goeie oes na die ander op sy lande gehad het. Op 'n dag dink hy by homself: “ Ek het 'n probleem. My skure is nie groot genoeg om al my oeste in te bêre nie” Na 'n rukkie sê hy vir homself: “Nou weet ek. Ek gaan my skure afbreek. Dan bou ek groter skure in hulle plek—groot genoeg om oeste in te bêre. En dan kan ek al*



*my kosbare besittings waarvoor ek nie meer plek in my huis het nie, daar toesluit. Daarna kan ek agteroor sit en die lewe geniet. Ek kan myself op die skouer klop en sê: Mooi so! Jy het nou so baie geld en besittings dat jy dit nooit kan uitleef nie. Gaan geniet jou lewe nou. Hou partytjie. Gee jou oor aan drank en plesier. Doen net wat jy wil. Jy verdien dit mos.”*

Van hierdie twee pensioenarisse sê Jesus die volgende:

*Hy (hulle) het God buite rekening gelaat. Op daardie selfde dag nog het God vir hom (hulle) gesê: “Jou arme dwaas! Vannag nog sal jy doodgaan. En wat word dan van al jou besittings? Jy kan dit tog nie saam met jou na die doderyk toe vat nie.”*

Nou begin Jesus in vers 21 van ‘n derde tipe pensioenaris praat. Dit is die persoon wat in die wete lewe dat alles van God af kom, dat jy op hierdie aarde nie werklik iets besit nie, dat jy hoogstens as bestuurder en rentmeester ten opsigte van God se eiendom kan optree. Jy weet ook dat aardse sekuriteite maklik verlore kan gaan en dat die enigste ware sekuriteit in God te vinde is. Jou lewe is gerig op die bymekaarmaak van ‘n skat in die hemel. Jou hoogste doel is om die lewe saam met die Here te geniet. Vir jou is daar nie aftrede in hierdie lewe nie. Nee die lewe is daar om God te eer, Sy koninkryk te laat kom en Sy wil vir jou lewe hier op aarde uit te leef. Jou tydperk van aftrede sal dan ‘n tyd van optrede word. Dan sal in die hemel die onvolmaakte lof en prys van die aardse bestaan, in ‘n ewige

volmaakte lof en prys oorgaan. Wat 'n wonderlike pensioen gaan dit nie wees nie.

*Gee julle lewe eerder aan God. Maak vir julle skatte by Hom bymekaar. Dan wag daar 'n splinternuwe lewe op julle.*

16 Mei

## Drie Strome (1)

**Joas: Die Here het gegee.**

Die meeste mense bevind hulle geestelik in een van drie strome water.

Die eerste stroom is 'n vinnige breedvloeiende stroom. Die water waarin hierdie mense swem is bruin van al die baie grond wat daarin is. Die mense in hierdie stroom hou almal aan een of ander lewensboei vas. So oorleef hulle. Die stroom vloei na 'n plek toe, die Dooie see. Die meeste van die mense in hierdie stroom weet van ander strome maar verkies om in hierdie vuil bruin breë stroom te bly solank hulle net hulle boei het om aan vas te hou. Hulle gee nie om dat hulle op pad is na die Dooie see toe nie. Vir hulle voel dit of hulle sommer vir altyd so in die stroom sal bly terwyl hulle hulleself gate uit geniet.

Langs hierdie eerste stroom aan die linkerkant is daar nog 'n stroom. Hierdie stroom loop ook vinnig en breed. Daar is ook in hierdie stroom baie mense. Hulle het nie eintlik dinge waaraan hulle vashou om hulle bo te hou nie. Hulle swem sommer self. Hulle bedink die stroom se versnellings, bly op hoogte van wat hulle in die stroom kan verwag en is eintlik, volgens hulle eie denke, goed in beheer van hulle lot. Hulle begaan 'n oordeelsfout want hierdie stroom is ook oppad na die Dooie see toe. Dit mag vir 'n rukkie vir die swemmers in hierdie stroom voel of hulle alles onder beheer het, omdat hulle alles weet wat nodig is, maar hulle sal ook soos die swemmers in die eerste stroom wreed ontnugter word.

Soms gebeur dit dat die twee strome inmekaar vloei. Die wat **self swem** en die wat aan **reddingsboeie vashou** swem dan saam. Die bestemming van die nuwe stroom bly steeds die Dooie see.

Aan die regterkant van die eerste stroom loop ook 'n stroom water. Daar is maar min mense wat hier swem. Hulle swem **nie self nie**, hulle het nie **lewensboeie** waaraan hulle vashou nie. **Hulle dryf bo-op die water**. Mense wat al in die Dooie see geswem het sê dat die soutgehalte van die water so hoog is dat 'n mens bo-op die water dryf. Hier is die sout egter nie in die water is nie maar in die mense. Jesus het gesê die mense moet die sout van die aarde wees (Mat. 5:13). Hulle het die sout geword omdat hulle in Jesus glo, en nie omdat hulleself iets probeer doen het, of aan 'n eie lewensboei vasgehou het nie. Die sout wat hulle bo hou het in hulle ingekom toe hulle hulle greep op die lewensboeie losgemaak het, oorgegee het aan Jesus en nie meer self probeer swem het nie. Toe het hulle die sout van die aarde geword. Hierdie mense dryf bo-op die water, hulle kyk op en is nie bekommerd oor waarheen die stroom hulle neem nie, want hulle weet dat die stroom uiteindelik in 'n rustige poel van lewende water inloop. Hulle weet dat die reis na die poel van Lewende Water eintlik maar 'n kort reis is. Hulle weet dat hulle net tydelik op hierdie stroom dryf en dat hulle spoedig by hulle bestemming sal aankom. Die stroom het soms stroomversnellings wanneer dit maar moeilik gaan met die mense in die stroom. Dan moet hulle veral probeer om boontoe te kyk anders kan hulle dalk gedisoriënteerd raak en dalk van stroom verwissel.

Soms is daar watervalle met gevaarlike rotse en klippe. Die stroom word egter telkens skoner en die water suiwerder wanneer die stroom oor die klippe vloei. Dit mag wees dat die stroom hierdie swemmers omkeer en dat hulle die meeste van die tyd nie boontoe kan kyk nie maar op hulle knieë in die water staan. Die mense gee nie om nie. Hulle is bly wanneer dit rof gaan in die stroom want hulle weet dit is alles nodig, indien hulle in die groot rustige poel van Lewende Water, wil eindig.

17 Mei

## Drie strome (2)

### Joëla: Die Here verhef.

Waar swem jy, my boetie en my sussie?

Is jy in die breë vuil stroom van die wêreld? Hou jy vas aan jou afgode, die dinge waarop jy vertrou om jou bo te hou in die lewe? Weet jy dat jou stroom oppad is na die Dood, nie van 'n see nie maar die Hel? Weet jy dat dit waaraan jy jou hele lewe vasgeklou het jou nie sal kan red nie?

Of is jy in die breë stroom van selfhelpgodsdienste? Is jy een van die mense wat gerieflik self regkom, niemand anders vir jou redding en Ewige oorlewing nodig het nie? Swem jy gerieflik met jou eie krag? Weet jy alles? Steun jy op die media en die massas inligting, om jou te laat voel dat jy in beheer is, en dat jy self kan regkom. Weet jy dat jy oppad is na die Dooie see waar al jou geleerdheid, kennis en selfdoen soos sementblokke aan jou bene gaan wees wat jou gaan aftrek in die Ewige verdoemenis in?

Of is jy een van die mense wat met jou afgode waarop jy vertrou, saam met jou eie verdienstegodsdienste, eintlik in die samevoeging van die twee strome afdryf, na die Hel toe?

Of is jy gewas in die stroom van Jesus se verdienste, toe Hy vir al jou sondes geboet het? Het Sy bloed jou skoon gewas van al jou sondes. Weet jy dat jy net

tydelik op hierdie lewensstroom dryf en dat jy spoedig by jou ewige bestemming, die Lewende Water self sal uitkom? Is jy een van die wat hulle oë met verwagting boontoe gekeer hou, in die verwagting en geloof dat Jesus hulle sal laat inkom in Sy Koninkryk? Is jy een van die wat deur die turbulensie van die lewensstroom gegooi, gemaal en gedraai word? Weet jy te midde van al die gewoel, dat God met jou 'n plan het, dat Hy jou vorm en gereed maak om spoedig die ewigheid saam met Hom, by Hom deur te bring, al moet jy nou dikwels op jou knieë staan?

**Waar swem jy?**

**Jogebed: Die Here is heerlikheid.**

Die eerste werklikheid, waarin ons lewe, is die **sintuiglike werklikheid**. Sommige mense noem dit die *common sense* werklikheid. Hierdie werklikheid word oorheers deur ons sintuie. Ons sien, hoor, ruik, proe, voel ons werklikheid. Alles draai grootliks om sintuiglike ervarings. Ons doel in die lewe is om die beste sintuiglike ervarings denkbaar te beleef. Ons soek lekker kos, ons wil mooi dinge sien, ons wil pragtige dinge hoor, ons wil net aangename reuke ruik en ons wil voel en bevoel word. Ons koninkryk bestaan uit die sintuiglike. Die koning van hierdie koninkryk is onself. Ons is nie veel anders as 'n dier in hierdie eerste werklikheid nie. Die liggaam staan bo alles, **my liggaam!**

Die tweede werklikheid waarin ons leef is die van dinge wat ons nie sien, hoor, voel of proe nie. Dit is 'n **verskuilde werklikheid**. Ons raak bewus van hierdie werklikheid deur kennis te neem van wat om ons aangaan en betekenis daaraan te gee. So raak ons bewus van dinge soos ander mense se idees en manipulering, op ons lewens. Die tweede werklikheid is hoofsaaklik 'n leuenwerklikheid wat deur die koning van die onderwêreld, satan, beheer word. Dikwels gaan ons so op in hierdie werklikheid dat ons deel van hierdie werklikheid word. Dan sal ons dinge begin verklaar uit hierdie werklikheid, soos om aan satan die eer te gee vir dinge wat gebeur. 'n Voorbeeld hiervan is woordgebruik soos:

*Ek was net gelukkig dat hy my nie raakgery het nie.*



*My sterre sê dat dit en dat met my gaan gebeur.*

*Ek kan my sterre dank.*

*Daar is geen hoop vir ons in hierdie land nie.*

In hierdie tweede werklikheid speel baie dinge af waarvan baie mense nie bewus is nie. Dink in hierdie verband aan die sataniese invloed wat deur die Vrymesselaars uitgeoefen word, die mag en manipulering van die Bilderbergs, die Rothchilds, die Morgans. Nog voorbeelde is die ontsettende mag wat deur die Rooms Katolieke Kerk deur die Jesuitiese Orde uitgeoefen word. Voorbeelde hiervan is die aanstelling van die president van Amerika, die totstandkoming van die Federale Bank in Amerika, die stigting van die Kommunistiese Party, die sinking van die Titanic en veroorsaking van die Eerste Wêreldoorlog. Hierdie is grootliks 'n geslote werklikheid vir die gewone mens, tog oefen dit 'n groot invloed op sy lewe uit. ( Sien: *K.F Romero: While men slept* )

Die media konsentreer op hierdie eerste twee werklikhede. Met kennis van hierdie twee werklikhede voel die mens of hy in beheer is. Daarom het die mens 'n onversadigbare honger na kennis van hoe hy of sy die liggaam kan mooi maak, lank kan laat lewe, siektes kan afweer en genot kan laat beleef. Hiermee saam wil die mens graag weet wat in die toekoms gaan gebeur. Dit voel vir hom of hy deur kennis van die verlede en die hede die toekoms kan voorspel. Dit wat die satan van die tweede verskuilde werklikheid bekend laat word, dikwels deur halwe waarhede, skep die een emosie by die mens, waarin satan floreer, naamlik vrees.

Soos ons almal weet is vrees die resultaat van ongelooft. Vrees is eintlik die stel van wantroue in God se voorsiening. So ploeter die meeste mense deur die lewe deur te lewe in die eerste twee werklikhede.

**Jonadab: Die Here is vrygewig.**

Die derde werklikheid is die van die *Revealed Sense* (in kontras met die common sense). Agter alles wat gebeur, is daar 'n Hoër Hand, wat alles laat uitspeel soos Hy beplan het. Die wêreldgeskiedenis speel nie lukraak af nie. Daar is 'n groot Goddelike Plan wat uitgespeel word. Alles gebeur binne die raamwerk van hierdie groot plan van God. Dit wat satan toegelaat word om te doen, in die tweede werklikheid, en dit wat die mens toegelaat word in die eerste werklikheid, vind alles plaas binne die groot plan van alles. God het die mens en alles op die aarde, en om die aarde, vir hierdie doel, deur Sy Seun geskep. Daar is reeds ver gevorder in die verloop van hierdie groot plan van God. Enige ernstige Bybelleser sal vir jou duidelik kan wys hoe die profesieë in ons tyd vinnig in vervulling gaan. So baie van dit wat die wetenskaplikes, sintuiglik, empiries probeer verklaar, is maar net tekens van hoe God Sy groot plan in vervulling laat gaan. Die Koninkryk wat kom, is die Ware Ewige Koninkryk. Dit is die een wat van die begin af voorberei is, die een waarvoor ons 'n geleentheid kry om tydens ons lewe op aarde voor te berei. Moenie toelaat dat jy mislei word om die gode van die eerste twee koninkryke te dien nie. Daar is net een ware Koninkryk. Daar is net een ware Koning. Moenie die sintuie dien nie, hulle sal vergaan. Moenie satan deur jou vrees vir die verskuilde werklikheid dien nie. Dien God. Lees van Sy Koninkryk in Sy Woord. Praat met die Koning van die Koninkryk. Hoe meer jy

die werklikheid van die derde werklikheid beleef, hoe meer sal jy weet dat dit die enigste werklikheid is wat die moeite werd is.

In 'n sekere sin lewe ons almal in die drie werklikhede. Ons het 'n liggaamlike, sintuiglike bestaan. Ons het 'n sielsbestaan waarin die intellektuele, die emosionele en die wil 'n rol speel. Dan het ons ook 'n geestelike bestaan. Waar die klem egter vir ons in hierdie lewe val, is die belangrikste. Die klem op die **fisiese bestaan** maak ons ons eie god. Die klem op die **sielsbestaan** maak satan ons god. Die klem op die **geestelike bestaan** maak dit moontlik vir ons om 'n streep deur die belangrikheid van die liggaam en die siel te trek, onself te verloën, ons kruis op te neem en die Koning van die Ewige Werklikheid te volg en te vertrou. Die loon van die regte prioriteit sal uiteindelik dan ook nuwe liggame en nuwe siele wees, in 'n ewige bestaan, in die enigste ware werklikheid

**Jorai: Die Here onderrig.**

Uit die miljoene boeke tot die mens se beskikking, is daar eintlik net drie wat werklik saak maak. Die een Boek het baie woorde in, die tweede boek het net name in en veral een naam in die boek sal jou werklik interesseer. Die derde boek sal hopelik net leë bladsye bevat.

Die **eerste Boek** is die Bybel. Eintlik het 'n mens net hierdie een boek werklik nodig, want in hierdie boek word alles vir die mens, oor die lewe hier en hierna, uitgespel; alles wat die moeite werd is om te weet.

Die **tweede boek** het 'n noue verbintenis met die eerste boek. Hierdie boek word deur God geskryf en die mens het nie insae in hierdie boek nie. Hierdie boek is die Boek van die Lewe. Van hierdie Boek verklaar Openbaring 20: 15 die volgende:

*As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.*

Iewers in die toekoms sal hierdie Boek van die Lewe oopgemaak word. Jy en ek sal wag terwyl Iemand in die boek sal rondblaai, om jou en my naam te soek. Kan jy jou die verskriklike spanning voorstel, indien daar geblaai en geblaai word en weer en weer tevergeefs na ons name gesoek word. Kan jy jou indink indien hierdie verskriklike uitspraak gemaak word: *Ek is jammer maar jou naam is nie*

*in die Boek van die Lewe geskryf nie.* Dit sal die ergste woorde wees wat ooit oor jou en my uitgespreek kan word. Die implikasies daarvan is so geweldig dat 'n mens huiwer om dit te bedink. Daar is 'n manier om seker te maak dat so 'n slegte ding nooit met jou sal gebeur nie. Om die waarheid te sê dit is moontlik dat jy absoluut seker kan wees dat jou naam wel in die Boek van die Lewe geskryf is. Luister na wat die Bybel in hierdie verband vir ons sê in 1 Joh. 5: 11 tot 13:

***God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur Sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie. Hierdie boek skryf ek aan julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.***

Die **derde boek** skryf ons self. In 1 Korintiërs 13:5 word van hierdie boek geskryf. Hier gaan dit oor die onreg wat ander mense aan jou doen. Die volgende is in hierdie verband vir ons opgeteken:

*Dit (die liefde) hou nie **boek** van die kwaad nie*

Gestel ek lewe volgens God se woord en is lief vir my medemens. Gestel 'n persoon oortree teenoor my. Sal ek 'n aantekening van hierdie oortreding teen my maak? Sal ek die oortreding aanteken sodat ek dit nie sal vergeet nie? Of sal ek die persoon wat my te na gekom het, vergewe? Sal ek so vergewe dat ek nie eers sal wil probeer onthou wat die persoon aan my gedoen het nie? In Matteus 6:12 staan: *en vergeef ons ons oortredinge, soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree.* In aansluiting by hierdie versie verklaar Jesus in vers 14: *As julle*

*ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie vergewe nie.* Wees dan versigtig met wat jy in jou boek van onvergifnis skryf. Vee vandag nog al die onreg teenoor jou, wat jy in hierdie boek van jou opgeteken het, alles uit. Maak gereed om 'n skoon, leë boek in te handig.

Wonderlik dat die eerste Boek, waarvan ons gepraat het, al hierdie heerlike kennis oor die drie boeke vir ons ontsluit.

**Josabad: Die Here het gegee.****Eerste Gebeure**

In Egipte is Israel gereed gemaak om as 'n nasie gebore te word, gedurende die 430 jaar wat hulle daar was (Genesis en Eksodus). Toe die Egiptenaars se eersgeborenes gesterf het, het Israel bevryding gekry van hulle slawebestaan. Hulle kon toe trek. As finale bevestiging van die verbreking van die slawebande van Egipte, het dit wat hulle daar gevange gehou het, naamlik die koning en sy leër, in die Rooisee verdrink. Israel kon droogvoets deurstep. Toe hulle nog steeds op droë grond die woestyn ingestap het was hulle vyand, wat hulle in slawerny gehou het, se mag verbreek. Nooit weer sou Egipte hulle kon onderwerp nie. Hulle was amper volkome vry. Daar was egter nog 'n proses wat hulle sou moes deurmaak, voor volkome vryheid in hulle land van belofte, hulle deel sou wees. Aanvanklik was die woestyntog vir 'n kort tydjie beplan, maar vanweë Israel se onvermoë om God te vertrou om hulle in die Beloofde Land in te neem, moes hulle 40 jaar rondswerf in die woestyn. So swerf hulle, totdat almal wat ongelowig was, dood was. Toe kon hulle deur die Jordaanrivier die Beloofde Land intrek. Toe hulle deur die water gekom het en opstap op die walle van die Jordaan was hulle in die Beloofde Land. Weliswaar was hulle nou 'n volk, maar in hulle afhanklikheid van God, was hulle nog soos kinders, wat baie moes leer van vertrou en gehoorsaamheid.



## **Tweede Gebeure**

Soos Israel met 'n paar mense, as volk, begin ontstaan het in Egipte, ontstaan 'n mens in die baarmoeder as 'n paar selle, wat begin vermeerder, totdat 'n mens op nege maande gereed is om gebore te word. Jou ontsluiting uit die baarmoeder by jou geboorte, het iets in gemeen met die bevryding van Israel uit Egipte. Wat Israel bevry het was die dood van die eersgeborenes van Egipte. Hierdie gebeurtenis stem ooreen met die lyding en pyn wat 'n vrou deurmaak voordat haar kind gebore word. Die dood van die eersgeborenes, die hartseer en lyding van die Egiptenare, het die finale deurslag gegee, die geboortepyne van Israel se geboorte het begin. Die volgende stap in die geboorteproses is wanneer die vrou se water breek en die kind deur die water heen gebore word. Die finale afskud van Egipte se mag oor Israel het by die Rooisee gebeur toe die Egiptenaars in die water verdrink het en Israel droogvoets deurgestap het. 'n Mens wonder hoe die geboorte van 'n baba vir 'n baba moet voel. Moet die baba nie ook deur 'n nou vallei beweeg met dreigende noutes om hom nie, amper soos Israel deur die Rooi-see met die water wat rondom hulle getroon het? Is daar nie ook 'n finale losmaak tydens die geboorteproses wanneer die naelstring gesny en die baba fisies los van die moeder is nie, amper soos die afsny van Egipte se mag oor die Israeliete. 'n Baba neem ongeveer 13 jaar om geslagsryp te word. Op hierdie ouderdom word die Joodse seuntjie dan ook deur 'n seremonie gestuur, die *Bar mitsva*, waartydens hy dan ook die status van volwassenheid verwerf. Vir die volk

Israel was die volwassewording tot nasie, 40 jaar van rondswerf in die woestyn. Toe kon hulle die Beloofde Land binnegaan. Steeds het hulle op droë grond bly beweeg. Hulle het by die Rooisee deurgestap op droë grond. Toe het hulle 40 jaar op droë woestyngrond gestap. Na 40 jaar, stap hulle weer deur water heen die beloofde land in. Israel het grootgeword. Israel kon in die krag van God die Beloofde Land in besit begin neem. Is jy ook gereed om jou Beloofde Land in besit te begin neem vandag, of is jy al lank daarmee besig?

**Josef: Mag die Here byvoeg.**

Die lewe is aan die mens gegee om te lewe en daarna sterf die mens. Jy kry tydens hierdie lewe die geleentheid om aan jouself te sterf. Jesus het immers verklaar dat elkeen wat Hom wil volg, Sy volgeling wil wees, die kruis van selfverloëning moet opneem en elke dag dit voluit tot aan die einde van sy lewe moet dra. Waarom is Jesus so hard op die self? Die eerste sonde van Lucifer was opstand teen God. Hy wou soos God wees. Die eie ek, die self, het gevoel dat hy teen God kan opstaan, dat hy self god kan wees. Eva se eerste sonde was iets soortgelyks. Sy het gevoel dat dit belangriker is om aan haar eie ek se begeertes toe te gee en haar eie kop te volg, eerder as om te doen wat God van haar verlang het. Die self was in beide gevalle die sentrale probleem waarom sonde gepleeg is, naamlik die verafgoding van die eie ek. Jesus het 'n verskriklike boete vir ons sondes betaal. Hy het ontsaglik gely. Wanneer ons Hom aanneem as ons Verlosser, wanneer ons ons lewens oorgee aan Hom, en Hom toelaat om ons lewens te beheer en te bestuur, wanneer ons een word met Hom, wag daar ook vir ons lyding (1Pet.3:14). Hy het immers ons dikwels in Sy Woord daaraan herinner dat 'n slaaf nie groter is as sy Meester nie en as Hy gely het, ons ook kan verwag om te ly. Elke geslag mense op hierdie aarde het seker oor die sin van lyding geworstel. Een aspek wat lyding sinvol maak is in ons Here se lyding en ons eenwording met Hom in Sy lyding. Lyding laat jou afsien van jouself naamlik dit wat ly jyself.

Moontlik sal jy in jou lyding verkies om sonder die een te wees wat ly. Dit is asof jy afstand soek met dit wat ly. Die eie ek, die self wat die kern van die lyding uitmaak moet eintlik tot niet gaan sodat die lyding kan ophou. So kan jy uit die gekruisigde, lydende ek ontsnap. Selfverloëning maak hierdie proses moontlik. In die dood van self, word ons gereed gemaak vir die nuwe lewe, 'n nuwe geboorte, in Christus. Hy het immers nie in die lyding en die dood gebly nie. Soos ons eenword met Hom, in Sy lyding en afsterwe (Gal. 2:20), word ons een met Hom in Sy opstanding en lewe. So word ons gereed gemaak vir Christus se lewe in ons; Sy inwoning, Sy oorneem van ons. So kan Hy deur ons begin lewe. Die self, wat Jesus se inwoning gekeer het, is dood. Jy kan nie meer jouself probeer red nie. Nee, Hy doen die volkome reddingswerk nou deur jou. Jou volharding beteken nou doelbewuste oorgawe aan Hom, en om Hom toe te laat om Sy wil in jou te doen en Sy Vrug in jou te dra. Sy Gees lewe dan in jou. Jou sielsdimensies soos verstand, emosies en wil word nou nie meer deur die eie Ek beheer en bestuur nie. God se Gees neem dit oor; Hy maak jou verstand nuut. Jy dink nie meer net aan wat vir jou goed is nie. Jy dink nie net meer aan genot en geld nie. Jy dink nie meer net aan jou werk, jou vakansie, jou pensioen en hoe jy jouself kan bevoordeel nie. Jy dink nou die dinge wat vir die Here aangenaam, mooi, goed, rein en prysenswaardig is (Fil. 4:8). Jou emosies van vrees, genot, haat, jaloesie, hartstog en woede word nou vervang met emosies van die Gees naamlik; Liefde, vrede en vreugde. Jou wil word vervang met Sy wil. Waar jy net ingestel was om die eie ek te bevredig, en te doen wat vir die eie ek goed is, vra jy nou na

wat wil God hê jy moet doen. Jy vra hoe jy kan meewerk om Sy Koninkryk kan laat kom, wat tot Sy eer is en hoe jy jou medemens kan bevoordeel en help.

Jou gees word nou een met God se Gees Wie in jou kom woon. Alles van jouself val weg. Jy ontvang die Here Jesus se Gees in jou gees. Vanuit jou geesdimensie word jou siel soos jou gees. Jy begin dink soos Hy, jy ervaar soos Hy, jy wil soos Hy. Eendag sal jy 'n nuwe liggaam ontvang wat by jou nuwe siel en gees sal pas. Maar hier kom die Goddelike wonder nou in. Al word jy soos Hy word jy nie Sy duplikaat nie. Nee ons is soos God maar ons is verskillend. God maak ons soos Homself maar in 'n verskeidenheid. Soos ons almal duime het maar die duimafdruk verskil, sal ons almal soos God wees maar ons sal 'n ryke verskeidenheid openbaar. Hierdie misterie is moeilik vir 'n menslike brein om te omvat. Hy gee ons so 'n klein kykie in die misterie van Sy Goddelikheid. Alleen in hierdie eenderse verskeidenheid sal ons gereed en toegerus wees om Hom vir ewig te verheerlik.

23 Mei

## Een God

**Josifja: Die Here voeg by.**

Daar is net Een God; **Jehova**, Sy Seun **Jeshua** en **Ruach** die Heilige Gees. Hierdie Goddelikheid is Een. Die Bybel leer ons sekere dinge van Hom. Ons weet dat Hy 'n Eenheid is. Ons weet dat liefde 'n integrale deel van Sy hele wese vorm. Met Homself en alles om Hom het Hy vrede. Uit Sy liefde vloei vergifnis en genade. Hy is Almagtig. Hy wil geloof word, want Hy alleen verdien dit. Omdat Hy absolute Goedheid is moet alles aan Hom gehoorsaam wees, want Hy alleen weet wat die beste is. Omdat Hy alleen God is, moet alles aan Hom onderwerp en oorgee aan Sy wil. Hy laat die mens toe om in 'n verhouding met Hom te staan. Hy word toornig wanneer Hy nie geëer en gehoorsaam word nie. Hy is absoluut heilig en niks slegs kan by Hom of naby Hom kom en bestaan nie. Hy is vanweë Sy liefde algeheel Goedheid. Hy is die toonbeeld van nederigheid en selfverloëning. Hy is vir ewig. Hy alleen is God.

**Halleluja!**

24 Mei

## Een Sonde

**Joa: Die Here is broer.**

*Adam het een sonde gedoen en dit het hom die paradys gekos.*

*Moses het een sonde gedoen en dit het hom die Beloofde land gekos.*

*Saul het een sonde gedoen en dit het hom sy koningskap gekos.*

Indien een sonde sulke kragtige gevolge kon gehad het wonder 'n mens oor die uitwerking en gevolge van al die baie sondes in ons eie lewens.

Net een sonde is genoeg om jou uit die hemel, paradys en die Beloofde Land te hou en jou, jou koninklike kindskap te laat verloor.

Jou baie sondes is genoeg om jou vir ewig te laat boet.

### **Maar**

Daar is ook net een offer nodig om jou vir ewig die paradys terug te gee, jou die Beloofde Land te laat ingaan en van jou 'n Koningskind te maak.

Jou sondes kan slegs deur een baie groot boete afgelos word.

Daar is net Een wat so 'n boete kon betaal: Jesus die Een wat nie eers een sonde gedoen het nie. Hy het in ons plek al die straf wat vir ons bedoel was op Hom geneem. Hy het volkome totaal en al geboet, gely en betaal vir een en alle sondes.

**Aan U alle dank.**

**Joab: Die Here is Vader.**

Jesus leer ons dat Hy en die Vader een is (Joh. 10:30). Ons weet dat Jesus en die Vader een Heilige Gees het Wie op ons, Sy kinders, uitgestort is. Vader, Seun en Heilige Gees is Een.

Toe God, deur Jesus, alles geskep het, heel aan die begin, is Adam en Eva ook gemaak as beeldraers van God. Hulle was sondeeloos soos God. God se Gees was in hulle en so was hulle een met God. Alles was dus een; God, Jesus, die Heilige Gees en die mens. Die mens het vanweë sy eenheid met God uit die lewe, wat slegs in God is, geleef.

**Alles het verander met die sondeval.** Die mens het sy eenheidsband met God verbreek. Die mens het God se Gees verloor. Die mens het vanweë sy losmaak van God, ook die lewe verloor en die uitspraak, dat hy sal sterf, is oor hom voltrek. Die mens was nou op homself aangewese. Hy het sy Goddelike eenheid, vir 'n eenheid binne in homself, verruil. Nou was hy gees, siel en liggaam, sy eie onheilige drie-eenheid. In sy verbondenheid met homself het hy nie net die lewe verloor nie maar ook sy verbintenis met God en die res van die mensdom. Hy het een van baie losstaande individue geword. Hy was nou soos die duiwelbesete Legio- (baie), vol van demone. Sy gerigtheid was nou op homself. Die verbintenis met ander en God was verbreek. Die mens het in die opgaan in homself, baie alleen geword. Haat en selfsug het mense uit mekaar gedryf. Daarom moes God,



om die eenheid te kon herstel, die gebod van liefde instel, om mense weer bymekaar te bring en die mens weer aan God vas te bind. Die liefdesband sou weer moes herstel, wat die mens verloor het in die sondeval; eenheid met ander mense en met God.

Sedert die sondeval was die natuurlike geneigdheid van die mens iets soos die nimmereindigende uitmekaar wegsiet van die hemelliggame in die onmeetlike ruimtes in; al verder weg van ander en van God af.

Goddank, daar het 'n wonderlike plan by God ontstaan, om alles weer onder beheer te bring in 'n nuwe eenheidsband met Homself. Hierdie wonderplan het daarin bestaan dat God, in liefde, weer sou saamvoeg wat deur selfsug en haat uitmekaar gedryf is, totdat 'n nuwe eenheid met Hom gevorm sou word. God het in Sy groot liefde, 'n deel van Hom, vir 'n tydjie na die aarde toe gestuur, om liefde te kom vestig tussen mense, en om mense se sondes weg te neem sodat hulle weer een met Hom kon word. Jesus, God se Seun, het na die aarde toe gekom. Hy het kom saamvoeg, in liefde en vergifnis, 'n nuwe eenheidsband.

*Efesiërs 4: 25 (Amplified Bible): for we are all parts of one body and members of one another.*

Efesiërs 4: 10 vat hierdie gedagtes pragtig saam:

*He who descended is the very same as He who ascended high above all the heavens, that He ( His presence) might fill all things ( the whole universe) from the lowest to the highest( Amplified Bible).*

**Jotam: Die Here is volmaak.**

Die Evangelie, die geloof in Jesus Christus as Seun van God, Verlosser van die mens van sy sondes, het 'n nuwe lewe vir die mens gebring. Weer is die mens aan God verbind deurdat die mens se sondes weggeneem is. Weer het die mens deel gekry aan die ewige lewe, deurdat hy vir God aanneemlik geword het, as nuwe mens wat weer gebore is. Vry van die verskietende en verskeurende sondebande het die mens 'n nuwe eenheid in God gevind. God het die mens, omdat hy een met God geword het, gevul met Sy Gees. Deur die invulling van die Heilige Gees kon die mens nou weer in eenheid met God en sy medemens begin lewe. Dit wat die mens in die sondeval verloor het, naamlik Goddelike liefde is deur die Heilige Gees weer aan hom teruggegee. Hy kon weer liefhê omdat God hom eerste liefgehad het. Die wonder van God se inwonende Heilige Gees het die mens vasgebind, nie net aan God nie, maar in 'n nuwe eenheidsband met sy medemens. Die vrug van die Heilige Gees het dit alles moontlik gemaak. Soos die mens die Heilige Gees meer en meer toegelaat het om hom te lei, te beheer en te bestuur het die vrug van die Heilige Gees se inwoning ook meer in 'n groter eenwording met sy medemens begin blyk. In Efesiërs 4: 3 roep Paulus die Efesiërs op met die volgende woorde:

*Be eager and strive earnestly to guard and keep the harmony and oneness of and produces by the Spirit in the binding power of peace( Amplified Bible).*

Hier word 'n deel van die Vrug van die Heilige Gees, naamlik vrede, genoem as die deel van God se Gees, wat 'n saambindende krag het. Elke afsonderlike deel van die Vrug van die Heilige Gees is eintlik gegee om hierdie eenheidsband onder Christene te versterk:

*Liefde* bind mense aan mekaar

*Vrede* is soos reeds genoem 'n groot saambindende krag.

Die *Vreugde* wat jy met ander deel bind jou aan hulle vas.

*Geduld* maak dat ons mekaar se swakhede verdra en verskoon.

*Vriendelikheid* trek mense na mekaar toe.

*Goedhartigheid* is die praktiese gevolg van liefde.

*Getrouheid* bind mense aan mekaar met trou, respek en vertroue.

*Nederigheid* maak jou aanvaarbaar vir ander.

*Selfbeheersing*, veral wanneer onreg beleef word, bewaar eenheid tussen mense in moeilike omstandighede.

So word God se plan met die mens, naamlik dat die mens tot Sy eer moet leef, as beeldraer van Hom, om Hom plesier te verskaf, tog uiteindelik weer verwesentlik in ons eenwording met mekaar, en met Hom.

**Jigdalja: Groot is die Here.**

Dink aan ervarings wat slegs 'n enkele sekonde duur. Dalk was dit 'n steekpyn in jou kuit. Dalk was dit 'n pyn in 'n tand. Dalk was dit 'n stamp teen die hoek van 'n tafel. Dalk was dit 'n voël wat verby geswiep het of die enkele tik van 'n horlosie. Wat die sekonde-ervaring ook al was, dit sal moeilik wees om dit te onthou wanneer jy teen die einde van die dag gekom het. Wat is 'n sekonde nou gemeet teen die 57, 000 sekondes van 'n dag van 16 ure? Dit is 'n onbenullige klein ervarinkie wat nie eers die moeite werd is om weer oor te dink nie. Of is dit?

Die mens se lewensspan, van 70 of 80 jaar, is in vergelyking met die ewigheid nog veel minder as 1 sekonde uit 57, 000 sekondes. Al die pyn, die onreg, die siektes, die ontberings, die vreugdes en genot, alles saam wat die lewe gevorm het, is maar net 'n baie, baie klein, nietige, vlietende tydgleufie in die ewige onmeetlike oneindige voortduur van tyd wat nooit ophou nie. Druk 'n stophorlosie en kyk hoe vinnig die honderdste dele van die een sekonde verbysnel. Indien jy die stophorlosie baie vinnig weer na die eerste druk, kan druk, sal jy sien dat ten minste 40 tot 50 dele van die 100 dele van die sekonde verby gesnel het. Indien 'n mens se lewensspan 100 jaar sou wees is dit omtrent hoe vinnig ons deur die lewe beweeg. Met die knip van 'n oog is alles verby.

Hoe is dit dan moontlik dat die lewe hoegenaamd nog enige sin kan hê, indien dit so vlietend kort is, eintlik minder as 'n sekonde lank? Waarom maak ons dan so baie van hierdie kortstondige bestaan? Vir die ongelowige is die lewe daarom totaal absurd. Hoe kan hy of sy hierdie een sekonde lewe asof dit alles is waaroor dit gaan? Wat is die sin van een sekonde van genot, van selfbevrediging, van eie belang, van versamel van geld, van die skep van 'n eie koninkryk? Jou tydsgleufie van lewe kan alleen tog sin hê indien dit met die groter prentjie van 'n ewigheid verbind kan word. Geen mens, hoe intelligent ook al, kan tog so dom wees om vir die een sekonde van die lewe hier op die aarde alles op te offer nie. Die Bybel sê ons is slegs bywoners hier op die aarde (1 Pet.2:11), dat die lewe vinnig verbygaan, en dat ons die beste gebruik van al die geleenthede moet maak. Die kortstondige aardse bestaan kan slegs sinvol wees indien dit met die ewigheid verbind kan word. Vir die gelowige maak alles van die lewe sin, of dit 'n sekonde lank is of nie. Hy of sy weet dat die een sekonde van die aardse lewe geweldige implikasies vir die ewigheid het. Dit is eintlik verskriklik om te dink dat dit wat jy met die een sekonde doen, bepaal hoe die res van die dag van 57, 000 sekondes gaan wees. Hierdie 57, 000 kan ook met triljoene vermenigvuldig word indien jou begripsvermoë van die ewigheid daartoe in staat is. Nou wat is die sin dan van die eensekondelewe? Indien jy die eensekondelewe weggee, jouself en dit wat jy vir jouself wou opeis, aflê, begin die enkele sekonde betekenis kry. Wanneer jy dan verdere teenoor God erken dat jy 'n sondaar is en die Verlossing wat Jesus vir jou verdien het aanvaar, begin die enkele sekondelewe

ewigheidsbetekenis kry. Dan kan my met blymoedigheid jou kruis van selfverloëning agter Jesus aan dra. Dan kan jy verwag om die res van die ewigheid in God se teenwoordigheid te verkeer. Hierteenoor het die eensekondelewe ook baie sin en betekenis vir die ongelowige. Die sin van die eensekondelewe is dat die ongelowige vir die res van die ewigheid sal ly. Hoe erg die lyding sal wees is bykans ondenkbaar. Ons weet wel dat so 'n persoon van God verwyderd sal wees. Hy sal saam met die demone en satan in 'n poel van vuur vir ewig brand, sonder om te sterf. Al die vuil en sleg, waaraan 'n mens kan dink sal daar wees, vir ewig. Die lyding sal ontsettend wees, die dors verskriklik, die pyn onhoudbaar, die geesteswroeging oor verspeelde kanse angswekkend.

**Joaddan: Die Here is vreugde.**

In die tyd waarin ons tans leef, word daar dikwels 'n verwagting by mense geskep dat ons in die eindtyd leef, en dat Jesus se wederkoms naby is. Hiervoor word verskillende gebeurtenisse as bewyse aangevoer soos onder andere dat Israel as nasie in 1948 herstel is, nadat hulle vir bykans 2000 jaar oor die aarde heen versprei was. Dit is in lyn met voorspellings vir die eindtyd. Verder word die mens se geskiedenis ingedeel in 3 (Goddelike tydperke) van 2000 jaar elk; van Adam af tot by Abraham- 2000 jaar. Vanaf Abraham tot by Jesus se afsterwe op Golgota- 2000 jaar, vanaf Jesus se afsterwe tot by vandag -2000jaar. Die laaste berekening bring 2000 na Jesus se afsterwe tot by die tydperk van 2019 tot 2030, indien dit ruim bereken word. Hierna kom die sewe jaar van verdrukking en dan die 1000 jaar van vrede. Interessant dat hierdie indeling met die skepping van 6 dae en die een dag van rus, ooreenstem. Vir God is 'n duisend jaar soos een dag en een dag soos 'n duisend jaar (2 Petrus 3:8).

Daar is egter ook ander interessante gegewens wat op die aanbreek van die eindtyd, in huidige tye, dui. Hierdie interessante gegewens word nie dikwels raakgelees nie. Kom ons kyk na enkele gegewens in hierdie verband. Vir die doel sal die Amplified Bible as uitgangspunt geneem word. Alle gegewens word gevind in Genesis 49, Deut. 33 en bygaande voetnotas.

In Genesis 49: 1 staan die volgende opgeteken:



*And Jacob called for his sons and said: Gather yourselves together around me that I may tell you what will befall you in **latter or last days**.*

In 'n voetnota word dan verwys na Deut. 33 waar Moses die stamme in 'n soortgelyke manier seën.

Kom ons kyk na 'n vyftal van hierdie profetiese uitsprake wat oor die kinders van Israel uitgespreek is en hoe die uitsprake in die sg. **Latter or Last Days** in vervulling gegaan het, 3000 jaar later.

### **1. Deut. 33:6**

*Let the tribe of Reuben live and not die out, **but let his men be few**.*

**Ruben** het 'n ernstige oortreding begaan (Gen. 49:3 en 4) waardeur sy eergeboortereg weggeneem is. In Rigters 5:16 word die stam van Ruben tereggewys omdat hulle nie hulle broers in Kanaan gaan help oorlog maak het nie. Behalwe vir Kron. 5: 3 tot 20 word Ruben nie weer in Israel se geskiedenis genoem nie. Teen 1951 is geen Jood toegelaat om die gebied wat aan Ruben toegewys is binne te gaan nie. Die gebied is grootliks verlate en die ontwikkeling wat daar wel plaasgevind het, is deur Arabiere onderneem.

### **2. Deut.33:18**

*And of **Zebulun** he said: Rejoice Zebulun in your **interests abroad**.*

Eers na 1934 het hierdie voorspelling vir Zebulun begin waar word, toe Haifa se hawe een van die groot hawens van die Middellandse see geword het.

3. Ten opsigte van **Issaskar** word in **Deut 33: 19** die volgende gesê:

*They shall call the people unto Mount Carmel; there they shall offer sacrifices of righteousness for they shall suck the abundance of the sea and the treasures hid in the sand.*

Die groot oliepylyn, wat hierdie voorspelling van 3400 jaar terug waar maak, het eers in 1935, 3400 jaar na Moses se voorspelling, waar geword.

4. **Deut.33:23**

*Of Nathtali he said: O Nathtali satisfied with favour and full of blessing of the Lord, possess the Sea( of Galilee) and( its warm, sunny climate) the south.*

Vir die meeste van baie eeue was hierdie gebied net 'n moeras. Dit is eers nadat die Israeliete begin terugkeer het Israel toe dat die gebied drooggelei is . Teen 1940 was dit presies 3400 jaar gelede dat hierdie toestand presies voorspel is - **full with favor and full of blessing.**

5. **Deut. 33:24.**

*Of Asher he said: Blessed above sons is Asher; let him be acceptable to his brothers, and let him dip his foot in oil.*

In 1935 het 'n groot Irakese olie onderneming begin. Olie is vir 1600 km. oor land gebring deur 'n pypleiding. Hierdie pypleiding gaan net onder die gebied van die ou Aser deur. Is dit toeval dat die gebied van Aser op 'n kaart soos 'n reuse voet lyk en dat die pyplyn net onder die voet deurbeweeg asof Aser sy voet in die olie doop.

**Joëser: Die Here is hulp.**

In Openbaring 3: 20 tref ons hierdie aangrypende woorde van God aan:

*Behold, I stand at the door and knock; if anyone hears and listens to and heeds My voice and opens the door, I will come in to him and will eat with him, and he will eat with Me (Amplified Bible).*

So is dit moontlik om Jesus binne in jou te ontvang. Hoor die Woord van Redding, Luister daarna en Gee al jou aandag daaraan; spits jou aandag daarop toe. Wanneer hierdie *hoor, luister en aandag gee* nie gebeur nie moet jy die Heilige Gees vra om jou te *laat hoor, luister en aandag gee*. So baie mense sit in die kerk vir 'n leeftyd en hulle *hoor* net. Nooit word die hoor werklik *luister* nie. Nooit word die luister die volkome *aandag gee* wat nodig is vir redding nie. Indien jy nie *hoor, luister en aandag gee* nie sal jy nooit gemotiveerd wees om die deur vir Jesus oop te maak nie. So mag dit dan wees dat jy nooit vir Jesus werklik in jou lewe ontvang nie.

Dit is nodig dat jy eers *moet hoor, luister en aandag gee*, voordat jy Hom in jou lewe kan innooi. Wanneer jy Hom innooi stel jy jou totale lewe tot Sy beskikking. Nooit sal daar geheime kamertjies wees wat jy vir Hom toegesluit hou nie. Hy moet totale vryheid van beweging in jou lewe ontvang. Waar Hy inkom neem Hy dan ook in besit. Jy moet bereid wees om elke lewenskamer vir Sy besitname oop

te stel. Laat Hom dan toe om die kamer van **besittings** in besit te neem. Laat Hom toe om die kamers van **begeerte**, van **gerief**, van die eie **selfhandhawing**, die eie **onafhanklikheid**, **vakansies**, **pensioen**, **werk**, **kwalifikasies** en **familie** onvoorwaardelik in besit te neem. Wanneer jy op die punt kom waar jy niks meer besit nie en niks meer self is nie, het God volkome besit van jou lewe geneem. Reeds van die eerste oomblik van die sondeval af word die mens se lewe op die aarde in stand gehou deur sy begeertes en die behoefte om te besit. Wanneer God alles van jouself, jou eie begeertes en jou besittings oorgeneem het, is daar niks meer wat die selflewe voed en aan die lewe hou nie. Die self hou op om te bestaan. Net God leef in jou. So gaan die selfbestaan oor in Godsbestaan. Nou leef jy nie meer nie maar gaan jou lewe oor in Hom. Jy begin nou in Hom lewe. Net Hy bestaan en jy in Hom. Hy is alles. Alles gaan oor Hom, Sy eer, Sy koninkryk, Sy wil. So word God deel van jou lewe en uiteindelik word jy dan deel van Hom.

In 1 Johannes 5: 11 tot 13 word die sekerheid van jou ewige redding so uitgespel:

*God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is deur Sy Seun.*

*Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.*

*Hierdie brief skrywe ek vir julle ( Jou) sodat julle( Jy ) kan **weet** dat julle( Jy) die ewige lewe het, julle( Jy) wat in die Seun van God glo.*

Mag jou **hoor, luister en aandag gee**, vir jou hierdie heerlike vredevolle sekerheid van 'n vaste **wete** inhou.

**Johanan: Die Here is genadig.**

In die jaar 2015 is daar onder Suid-Afrikaners baie negatiewe emosies om emigrasie. Baie mense wil graag emigreer maar het nie die finansies of opleiding om in 'n ander land te oorleef nie. Baie mense het geëmigreer maar verlang terug na hulle familie en vriende. Baie van die wat nie kon emigreer nie is kwaad vir die wat wel geëmigreer het. Van die wat geëmigreer het wil, vir die wat nie kan of wil emigreer nie, vertel hoe om op te tree in Suid-Afrika. Aanmekaar is daar slegte gevoelens om hierdie saak. Baie van die wat wel geëmigreer het, glo dat dit wat hulle gedoen het volgens die wil van God vir hulle lewens was.

Dit bring ons by gedagtes oor emigrasie in die Bybelse tyd.

Die vroegste emigrasie wat vir ons opgeteken is was **Adam en Eva** se emigrasie uit die Paradys uit (Gen.3: 23). Hierdie twee emigrante het nie veel van 'n keuse gehad nie. Vanweë hulle sondes het hulle hulle paradysbestaan verloor. God was ontevrede met hulle en het hulle uit Sy Paradys verban. Hier begin die mens se emigrasiebestaan. Nooit sou die mens weer seker van sy blyplek hier op die aarde wees nie. Sedert Adam swerf ons oor die aarde rond.

**Kain** slaan sy broer dood en vir sy straf moet hy 'n swerwer oor die aarde word (Gen. 4:13).

**Noag** verloor die wêreld soos hy dit geken het toe die wêreld deur die sondvloed tot niet gaan. Toe hy uit die ark uitstap was hy in 'n omgewing wat hy nie geken het nie. Noag se emigrasie was deur die uitredding van God omdat God met sy lewe tevrede was (Gen. 7).

**Abraham** word geroep om sy geboorteland vaarwel toe te roep, en sommer net in geloof te trek soos die Here hom lei, waarheen die Here wil (Gen.12:1). Die Here was baie tevrede met Abraham omdat Abraham Hom ten volle vertrou het. Hy beloof dan ook aan Abraham om hom 'n groot nasie te maak in 'n verre land. Abraham se eerste seun, **Ismael**, by die slavin van Sara, moet ook trek. Sara se jaloesie veroorsaak slegte gevoelens. Die Here beloof egter om van Ismael ook 'n groot nasie te maak (Gen.16).

**Isak**, Abraham se seun van belofte, moet ook in Palestina rondswerf en onder die Filistyne selfs sy vrou as suster voorstel, omdat hy bang was dat die Filistyne hom sal doodmaak om sy mooi vrou te kry. Hy swerf rond as geseënde van die Here en word baie ryk in die proses (Gen 26:1).

**Jakob**, Isak se seun, moet vir sy lewe vlug voor sy broer Esau. Hy vestig hom in 'n buurland waar hy vir baie jare moet werk as loon vir sy twee vrouens. Die Here seën hom met kinders en rykdom en bring hom weer terug na sy geboorteland toe (Gen.28:1).



**Josef**, Jakob se seun, word op 'n wrede manier deur sy broers aan Egiptiese smouse verkoop en so word hy 'n gedwonge emigrant na Egipte toe. God het 'n plan gehad met Josef se emigrasie aangesien Josef in Egipte 'n groot werk moes gaan doen om God se volk van hongersnood te red (Gen.37:12).

**Jakob** emigreer Egipte toe vir sy oorlewing tydens die groot hongersnood en droogte wat oor die wêreld gekom het.

In Egipte word Jakob se nakomelinge oor 'n tydperk van 430 jaar 'n groot nasie. Tog moes hulle op 'n stadium ook uit Egipte emigreer op pad na hulle beloofde land Kanaän toe. Veertig jaar swerf die **Israeliete** in die woestyn rond totdat hulle hulle beloofde land kan ingaan (Jos.1).

**Johanna: Die Here is genadig.**

‘n Paar honderd jaar woon die Israeliete in die Beloofde Land Kanaän, maar hulle moet weer emigreer toe hulle weggevoer is Assirië toe ( **Israel**) en Babilonië toe ( **Juda**). Hierdie gedwonge emigrasie was vanweë hulle ongehoorsaamheid aan God en die aanbidding van afgode, waarvoor hulle so lief was (2Kron.36:20).

Ook **Jesus** word, as mens, aan emigrasie onderwerp (Mat.2:13). Net na Sy geboorte sê God vir Josef, **Jesus se aardse vader**, om na Egipte toe te trek. Dit was vir die Kind se oorlewing nodig gewees.

Die redes vir die emigrasies soos dit in die Bybel voorkom is dus onder andere die volgende:

1. Ongehoorsaamheid ( Adam en Eva)
2. Moord (Kaïn )
3. God begenadig die mens en red hom uit toe ander mense vernietig word (Noag)
4. Die Here neem die mens na ‘n beter, groter en ryker land omdat die mens God glo en vertrou (Abraham).
5. Die mens moet vlug vanweë ‘n ander mens se jaloesie. God is jammer vir hierdie mens en seën hierdie mens (Ismael).

6. 'n Mens kan ryklik deur God geseën word sonder dat jy 'n vaste blyplek op hierdie aarde het ( Isak).
7. Soms moet 'n mens uit 'n land uit vlug ter wille van jou lewe. God kan hierdie situasie toelaat omdat Hy 'n groter plan vir jou lewe het (Jakob).
8. Soms het God 'n plan met jou lewe en moet jy in 'n ander land gaan bly om die pad vir jou mense wat later kom oop te maak (Josef).
9. Soms moet die mens met sy hele familie trek na 'n ver land omdat God 'n groot plan vir jou en jou gesin het in die vreemde (Jakob ).
10. Soms swerf 'n mens rond sonder 'n vaste blyplek omdat God dit nodig ag vir jou vorming ( Israel in woestyn).
11. Soms ruk God jou uit jou bekende omgewing en moet jy gaan ly in 'n ander land omdat jy aan God ongehoorsaam was en daar afgode in jou lewe ingekom het ( Israel en Juda in Ballingskap)
12. Soms is daar Goddelike ingryping vir jou oorlewing en moet jy trek (Jesus se trek saam met Sy ouers Egipte toe).

Indien ons na al hierdie gevalle van emigrasie in die Bybel kyk is dit duidelik dat daar baie redes vir emigrasie mag bestaan. Indien ons nou weer na die

emigrasiepatrone vanuit Suid-Afrika kyk is dit ook by ons tans die geval dat daar baie redes mag wees waarom mense emigreer. Dalk sal ons minder veroordelend teenoor hierdie emigrante staan indien ons van die Bybelse redes vir emigrasie ook by hulle begin ontdek. Dit mag ook wees dat ek en jy dalk nog sal moet emigreer. Hoe sal ons weet wat die toekoms vir ons inhou.

Wat ons wel vir seker weet, is dat daar nog een groot emigrasie vir **ons almal** wag. Indien ons sterf voordat Jesus weer kom sal ons liggame vir 'n tydjie na die graf emigreer en ons gees na ons Hemelse Vader toe. Indien ons baie gelukkig is sal ons ons Here tegemoet gaan in die lug wanneer Hy weer kom en ons nog nie gesterf het nie. Dit sal ons laaste emigrasie wees. Wanneer ons eers by Hom is vervaag alle ruimte en tyd. Om by Hom te wees kanselleer die begrip emigrasie. Ons het dan tuis gekom.

*1 Junie*

**En almal sê: Amen!**

**Jonatan: Die Here het gegee.**

Die seuntjie is toe gebore. Dit was 'n pragtige kind. Omdat daar groot verwagtings vir die kind gekoester is, het die pa van die kind dadelik na sy geboorte 'n studiepolis vir die kind uitgeneem.

Die seuntjie is op vyf-en-'n-halfjaar skool toe. Hy het sy skoolgereedheidstoets met gemak geslaag.

Soos die verwagting was, het hy uitstekend op skool presteer en in graad sewe was hy onder die top tien leerlinge gewees.

Die sekondêre skoolopleiding was moeiliker maar nog steeds het die kind akademies uitgeblink. Om die waarheid te sê hy het akademies sterker geword.

Die kroon op sy skoolloopbaan was toe hy matriek met 8 onderskeidings geslaag het. Sy foto was ook in die koerant saam met al die ander slimkoppe s'n. In die kort beskrywinkie by sy foto is gemeld dat hy by 'n bekende skool gematrikuleer het, dat sy ouers professionele persone was en dat hy sy sukses aan harde werk en deursettingsvermoë toeskryf. Hy gaan die volgende jaar Meganiese Ingenieurswese by 'n Universiteit in die Wes-Kaap bestudeer.

Vier jaar later vind ons hierdie begaafde jongman se naam weer in die koerant. Hierdie keer is daar nie 'n foto nie maar net 'n saaklike vermelding dat die student sy graad met lof geslaag het.

Nou raak die jongman vir 'n rukkie weg en die eerste keer wat ons weer van hom hoor is toe hy een of ander groot projek bestuur en heelwat doen vir ons betrekkinge met 'n Oosterse Land. Heel beskeie antwoord die man toe daar vir die rede van sy sukses gevra word, dat dit maar sy lewensmotto is om hard te werk, deeglik te wees en dat vir die wat in hulleself glo, alles moontlik is.

Ons spring nou so dertig jaar en vind die man weer in die koerant. Hierdie keer om te sê dat hy na 'n baie suksesvolle loopbaan uitgetree het en in die toekoms hom gaan toelê op die skryf van sy memoirs. In hierdie memoirs bring hy hulde aan sy ouers wat hom geleer het om in homself te glo en hard te werk. Hy wil graag vir ander jongmense hierdie suksesresep vir die lewe deurgee: **Werk hard, volhard en glo in jouself.**

Die laaste wat ons van hierdie suksesvolle mens lees is sy grafskrif:

*Hier lê 'n mens wat hard gewerk het, sy lewe lank in sy loopbaan volhard het, baie geld verdien het en al die eer aan homself gegee het.*

En die res van die sekondêre wêreld buig en almal sê --- : ***Amen, hy het reg geglo – in homself!***

**Joram: Die Here is verhewe.**

Van die biljoene woorde, sinsnedes en gedagtes wat jy in jou lewe gehoor het is daar enkeles wat besondere waarde het. So kan die volgende paar woorde van die belangrikste van al die woorde wees wat jy ooit gehoor het. Aanvanklik sal die woorde doodgewoon klink, amper so clichés. Dit is egter wanneer jy oor hierdie woorde begin nadink, dat jy al meer en meer insig sal kry in die ryke betekenis daarvan. Die woorde waarna verwys word is die volgende:

***Laat terwille van U eer en U Koninkryk, U wil geskied.***

Hierdie woorde is natuurlik 'n parafrase van die eerste drie bedes van die Onse Vadergebed, wat Jesus vir ons geleer het (Mat.6:9-10).

In hierdie gebed gaan dit in die eerste instansie oor God, Sy Naam, Sy eer en dank, en aanbidding aan Hom. Indien iets of iemand anders in jou lewe die eerste plek inneem word dit 'n afgod. Die eerste plek in jou lewe behoort nie aan jouself, jou vrou, jou kleinkind, jou plaas, jou beroep, jou strandhuis, jou bankrekening of jou status nie. Indien een van hierdie dinge vir jou belangriker as God is, is dit 'n afgod in jou lewe.

Dit gebeur maklik dat 'n mens se lewe begin wentel om die bou van 'n eie koninkryk. 'n Koning is in beheer van sy koninkryk. So poog baie mense om in beheer te kom. 'n Mens sal jare hard, en met toewyding, werk om die hoof, die

bestuurder of die eienaar van die onderneming te word. Wanneer die doel bereik word en die persoon in beheer kom, kan hy soos 'n koning voel. Dit gaan egter in hierdie lewe nie primêr oor die mens se koninkryk nie maar oor God se koninkryk. Ook die bietjie beheer, wat die mens bekom het, is ondergeskik aan God se beheer en deel van God se koninkryk. Wanneer die mens onafhanklik begin voel, en sy eie ding begin doen, kan die mens weet dat sy koninkryk sy afgod geword het.

God het die mens gemaak met 'n eie wil. Solank die mens se wil ondergeskik was aan God se wil het die mens hemel in die paradys beleef. Die oomblik toe die mens eiewillig, teen God se wil, sy eie wil gedoen het, het hy alles verloor. Hy het sy paradysbestaan verloor, hy het sy perfekte kommunikasie met God verloor, hy het sy vrede verloor, hy het sy onskuld verloor en hy het sy lewe verloor. Alleen wanneer die menslike wil voor God se wil buig, die mens homself met sy eie begeertes en eiewilligheid kruisig, sy kruis van selfverloëning opneem, kan hy weer in die perfekte verhouding met God herstel word.

Wanneer die mens sy wil so kruisig, en sy wil ter wille van God se eer en God se koninkryk, ondergeskik maak aan God se wil, deel hy in God se koninkryk en God se eer. Dan is daar nie meer plek vir afgode nie, nie eers die afgod van die eie-ek nie. God weet die beste. Vertrou Hom met alles sodat alles tot Sy eer tot die uitbreiding van Sy koninkryk sal wees.



## **Prakties**

‘n Jongman het ‘n ernstige ongeluk met sy motorfiets gehad. Hy lê in ‘n kritieke toestand in die hospitaal. Eintlik is hy sterwende. Jy bid vir hom. Jy vra God om die jongman se lewe te spaar. Jy glo hy is ‘n gelowige en jy glo hy sal nog baie doen om God se koninkryk te laat kom. God verhoor jou gebed en die jongman herstel wonderbaarlik. Nie lank nadat hy herstel het nie raak hy met dwelms deurmekaar. Hy raak aan dwelms verslaaf en word ‘n dwelmhandelaar. Die een ding lei tot die ander en spoedig is hy by bendes betrokke. Hy pleeg moord en vorder in satanisme. Hy staan God en Christene aktief teen en een nag word hy deur ‘n bendelid vermoor. Gestel jy het, toe jy die geleentheid gehad het, anders gebed en God gevra om Sy wil te laat geskied ter wille van God se koninkryk en God se eer. Sou daar nie dalk ‘n veel beter uitkoms gewees het as toe jy jou eie wil gevolg het nie?

3 Junie

Etiese Profete

**Jehorim: Die Here is Hoog.**

Ken jy die volgende gedeelte in die Bybel?

Jeremia 29: 11:

*Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! 12 Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor.*

Indien hierdie gedeelte nie aan jou oorbekend is nie, luister jy nie na kerkdienste op die radio of TV nie en woon jy nie kerkdienste by nie.

Hierdie gedeelte is tans in Suid Afrika meer bekend as Johannes 3:16. Dalk probeer predikers moedlose mense in Suid Afrika deur hierdie versies bemoedig en versterk. Hierdie bemoedigende woorde stem ooreen met dieselfde bemoediging wat Gananja aan sy volk gegee het in Jeremia 28 in die gedeelte net voor die oorbekende Jeremia 29. Hy het gesê dat die bannelinge binne 2 jaar uit Babel sou terugkeer en dat al die voorwerpe wat deur Babilon uit die tempel geroof is dan terug sal wees in die tempel. Verder het hy die profeet Jesaja beledig omdat Jesaja 'n baie harde oordeel van God oor Israel aangekondig het, naamlik dat Israel vir 70 jaar in ballingskap in Babel sal wees. Jesaja sê in hierdie verband vir Gananja in Jeremia 28: 9:

*Maar die profeet wat voorspoed aankondig , is net aanvaarbaar as profeet wat werklik deur die Here gestuur is , wanneer so 'n profeet se woorde uitkom.*

Jesaja kondig dan ook terselfdertyd die oordeel oor Gananja aan naamlik dat hy nog dieselfde jaar sal sterf, vanweë sy onetiese voorspellings in lyn met wat mense wil hoor, en nie volgens wat God bepaal het nie.

Oor Suid Afrika word die wonderlike voorspelling gemaak dat die inwoners van ons land net *voorspoed* en 'n wonderlike *toekoms* kan verwag wanneer die seën van Jeremia 29:11 voortdurend aan hulle voorgehou word.

Kom ons kyk vir 'n wyle na die lotgevalle van Israel in Amos se tyd. *Israel beleef in hierdie tyd materiële welvaart, politieke stabiliteit en uiterlike godsdienstige aktiwiteit maar ook van geestelike verval en ernstige wanpraktyke op sosiaaletiese gebied.* Die kursiewe gedeelte is direk uit die voorskrif van die boek Amos geneem uit die Nuwe Afrikaanse Bybel. Hierdie woorde is direk op die Suid-Afrikaanse bevolking in die jaar 2015 van toepassing. Dit wil sê op dieselfde bevolking oor wie die voorspellings van Jeremia 29: 11 daagliks uitgespreek word. Indien ons konsekwent wil wees moet 'n mens verwag dat voorspoed en wonderlike toekomsverwagting vir die mense in Amos se tyd dan ook moes gevolg het soos dit vir ons voorspel word, ons wat soos die mense van Amos se tyd leef. Hier kom die ontnugtering. Lees wat sê God van mense, in Amos se tyd, mense wat soos ons vandag leef:

**AMOS 9: 4**

***MY (GOD) SE BEDOELING MET HULLE IS OM HULLE KWAAD AAN TE  
DOEN, NIE OM GOED AAN HULLE TE DOEN NIE.***

4 Junie

**Ewige Hel**

**Josa: Die Here skep.**

Niks kan ooit erger of slegter wees as om van Jesus hierdie verskriklike woorde te moet hoor nie:

**Ek het jou nooit geken nie. Gaan weg van My af, ( Mat. 7: 23)**

Jesus sê dat die meeste mense wat by die hemelpoort aanmeld hierdie verskriklike woorde sal hoor.

In Lukas 13: 24 staan hierdie verskriklike woorde van Jesus vir ons opgeteken:

**Baie, verseker Ek julle, sal probeer om in te gaan maar sal dit nie regkry nie.**

**Span al julle kragte in om by die smal deur in te gaan.**

Dit is dalk 'n bietjie optimisties om te verwag dat 50 % van die wat by die hemelpoort opdaag toegelaat gaan word soos in die gelykenis van die vyf verstandige en vyf dwase meisies. Nie naastenby 50 % sal ingaan nie. Dit sal eerder wees soos in die geval van Noag waar net 8 mense, uit die tolale getal wat op die aarde geleef het, gered is( Gen. 7: 13) Of soos by Lot en die drie mense wat saam met hom uit Sodom en Gomorra gered is ( Gen. 19: 16).

Wat so uiters tragies is, is dat daar vandag miljoene mense op hierdie aarde is wat soos Lot se skoonseuns, dit wat nou aan jou oorgedra word, nie ernstig opneem

nie. Hulle dink dit is 'n grap ( Gen. 19: 14) en hulle dink dat die slegte dinge nie met hulle gaan gebeur nie. Mag ek by jou pleit, terwyl dit nog genadetyd is, om dit wat jy hier lees met die grootste erns te bejeën.

Oppas vir 'n valse gerustheid. 'n Valse gerustheid is nog 'n groter gevaar as openlike spot met hierdie sake.

In 2 Korintiërs 13: 5 staan die volgende opgeteken:

**Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie self dat Christus Jesus in julle is nie? So nie, het julle die toets nie deurstaan nie.**

Die gedeelte in 1 Johannes 5: 10 tot 13 kan vir jou groot geloofsversterking bied maar kan ook jou oë oopmaak vir die posisie wat jy ten opsigte van Jesus bekleed.

**Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in sy hart; wie God nie glo nie, maak Hom tot leuenaar , omdat hy nie die getuienis glo wat God oor Sy Seun gelewer het nie.**

**En die getuienis behels dit: God het ons die ewige lewe gegee, en die lewe is in Sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.**

**13. Hierdie brief skryf ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo. (Amplified verklaar Glo soos volg: adhere to, trust in, rely on)**

**Weet jy? Het jy 'n persoonlike verhouding met Hom? Moenie jouself bedrieg nie. Wees eerlik met jouself. Daar is nog tyd om reg te maak.**

In Mat. 11: 28 staan Jesus se uitnodiging soos volg opgeteken:

**Kom na My toe-----.**

Vir die mens wat gered is, is van die mooiste woorde in die Bybel die volgende:

**Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie (Joh. 6:37).**

Tot hier is die tafel nou gedek vir die een wat nog buite staan. Kom in, kom geniet wat Vader vir jou wil gee.

Baie mense kom tot hier. Maar hier op hierdie punt loop hulle die ewige lewe mis. Wanneer die mens kom, tree nog iets in werking. Wanneer jy by Jesus kom is jy nie gered nie. Jy moet jou bagasie by Hom kom aflê. Al jou sondes moet jy bring en glo dat Jesus in jou plek vir al jou sondes gestraf is. Jy moet glo dat Hy, omdat Hy sondeloos is, Homself as die enigste aanvaarbare offer vir ons sondes voor God kom bring. Hy is immers die Seun van God.

Moenie op hierdie punt die ewige lewe misloop nie. Jy moet **aanvaar** dat dit wat hier staan **vir jou bedoel is. Vat dit** vir jou. **Vertrou Jesus. Gee oor.** Moenie nog iets vir jou redding self probeer doen nie. **Jesus het alles gedoen.** Stap oor in die ewigheid in. **Ontvang Hom.** Moenie toelaat dat die duiwel aan jou leuens

verkondig nie. Soos leuens dat jy nie goed genoeg vir redding is nie, of dat jou sondes te groot is. Moenie toelaat dat die sorge van die lewe, jou liefde vir geld, of iets anders tussen jou en jou ewige redding inskuif nie. Jesus is die moeite werd. **Gee alles aan Hom oor en vertrou Hom.**

Wil jy nie liewers eendag die volgende wonderlike woorde hoor nie?

**KOM IN.**



5 Junie

## Familie

### **Josbekasa: Die Here beheer die lot.**

Het jy kinders, kleinkinders, agterkleinkinders?

Het jy 'n vader?

Het jy broers en susters?

Het jy 'n broer?

Moontlik het jy *ja* en *nee* op sommige van die vrae geantwoord. Daar is van ons wat *nee* op al die vrae moes antwoord. Dalk voel jy alleen en verlang jy na familie. Die goeie nuus is dat jy eintlik alreeds al hierdie familie het. Daar is net iets wat moet gebeur voordat jy jou familie sal kan begin geniet. Al wat moet gebeur is dat jy Jesus as die Seun van God as jou Verlosser van sonde moet aanvaar. Die oomblik wat jy na God toe kom, bely hoe sondig jy is, glo dat Hy Sy Seun, Jesus vir jou sonde op die kruis op Golgota laat boet het, Hom as jou Verlosser aanvaar (Vat), is daar vergifnis en nuwe lewe vir jou. Jy word weer gebore in jou nuwe familie in. God word jou Vader, ander gelowiges word jou broers en susters, Jesus word jou oudste broer wat by jou Vader vir jou intree. Die wonderlike is verder dat jy kinders het, die oomblik wanneer ander deur jou toedoen ook kinders van God word. Wanneer hulle weer ander inbring in God se koninkryk het jy ook sommer kleinkinders en so gaan die proses voort.

Nooit hoef jy weer alleen te voel nie. Jy is nou deel van 'n wonderlike familie.

Gaan en ontmoet hulle by die kerk van jou keuse.

**Josai: Die Here ondersteun.**

God sit op Sy troon. Voor Sy troon is daar 'n voetbankie waarop Sy voete rus indien Hy dit sou verkies. Aan Sy regterhand sit Jesus. Die Heilige Gees van God en Seun is oral. So is daar baie dinge in die hemel, waarvan ons bewus is en dinge waarvan ons nie bewus is nie. Wanneer ek begin bid en sê: *My Vader*, praat ek met God. Ek kom in Sy teenwoordigheid in, ek is by Hom, voor die voetbank voor Sy voete. Daar kniel ek in die gees, daar rus ek, daar kan ek opkyk na Hom en daar kan ek stil voor Hom wees om na Hom te luister, soos Maria by Jesus se voete gesit het en na Hom geluister het (Lukas 10: 41).

Ek kan enige tyd na my plek by Sy voetbank toe gaan. Ek kan daar bly so lank ek verkies. Daar kom egter 'n tyd wanneer ek moet opstaan en oor die gebedsbrug weer moet terugkeer na my aardse bestaan toe. Dit word egter so aangenaam in Sy teenwoordigheid, dat die tyd wat ek by Hom deurbring al langer word, en al meer gereeld plaasvind. Dit word ook moeiliker om terug te keer na die aardse bestaan toe.

Wie weet, dalk sal Hy eendag hierdie groot begeerte vir my waar maak en vir my sê:

*My kind dit is nie nodig om op te staan en terug te gaan nie. Jy kan maar hier by My voete bly. Jou tyd op die aarde is verby. Jy het gedoen waarvoor ek jou op die*

*arde wou gebruik het. Dit is nie meer nodig om oor die gebedsbrug terug te loop  
nie. Jou bywonerhuise op die arde se deur is toegesluit. My Seun het jou woning  
hier voltooi. Welkom hier by Ons.*

**Josibja: Die Here**

***Laat in veiligheid woon.***

Elke keer wanneer jy bid, is jy besig om 'n toets af te lê. Jy word getoets om te sien wie die belangrikste, of wat die belangrikste, in jou lewe is. Dit sal geopenbaar word deur wat jy voor God in die gebed bring.

Wanneer jy klaar gebid het kan jy 'n nasienmasker oor jou gebed plaas en jouself punte gee. Hierdie nasienmasker kan saamgestel word uit die voorbeeld wat Jesus vir ons gegee het waarvolgens ons behoort te bid, naamlik die Onse Vadergebed uit Matt. 6; 9. Moontlik sal die volgende dinge punte vir jou gee:

1. Die Onse Vader het 6 bedes en volgens sommige vertalings 7. Drie hiervan het met Jesus te make en 3 met onself. Spandeer jy hiervolgens die helfte van jou gebedstyd met dinge wat met Jesus en Sy Vader te make het?
2. Bid jy as hoogste prioriteit eerste vir God en Jesus se eer? Dat Sy Naam geheilig en grootgemaak moet word?
3. Is die volgende prioriteit in jou gebed, alles wat met die uitbreiding van God se koninkryk te make het?

4. Volg die volgende prioriteit in jou gebed dan die voorbeeld wat Jesus vir ons gegee het, en bid jy dat Sy wil in alles sal gebeur, en dat Hy met jou lewe sal maak soos Hy goeddink?
5. Wanneer jy dan vir jou eie voorsiening begin bid, bid jy vir Geestelike brood eerste of gaan dit vir jou in die eerste instansie oor jou en jou geliefdes se fisiese behoeftes.
6. Wanneer jy vir sondevergifnis begin bid hou jy in gedagte dat die tweede deel van die bede eintlik die belangrikste is? Met ander woorde lê jy, soos Jesus, klem op die vergifnis wat ons bereid is om vir ander wat teen ons oortree, te gee?
7. Vra jy ook vir Jesus om jou te spaar van beproewings en versoekings?
8. Sluit jy jou gebed af met 'n terugkeer na God en Sy Eer toe? Is Sy Koninkryk en Krag en Heerlikheid vir jou die heel belangrikste?

Hierdie ou nasienmaskertjie het net 8 gaatjies. Hoeveel punte sal jy kry as jy hierdie maskertjie oor jou gebed vanmôre of vanaand geplaas het?

**Kabseël : God versamel.**

In Sielkunde word soms van 'n tegniek gebruik gemaak, waar die pasiënt gelei word om 'n spesifieke trauma, oor en oor te beleef. Uiteindelik raak die pasiënt so afgestomp dat die trauma geen invloed meer op die kliënt uitoefen nie.

Soms is gelowiges se geestelike ervaring van die kruisgebeure op dieselfde vlak. Sommige insidente van die kruisiging is soveel keer herhaal dat die impak daarvan totaal verlore gegaan het. Dit is slegs wanneer dieselfde gebeure miskien met ander woorde of visuele beelde ingeklee word dat die gebeure weer impak kry. Dink maar aan die doringkroon op Jesus se kop of die geseling. Dit is geweldige gebeurtenisse maar die meeste mense kan dit in die Bybel lees sonder om 'n oog te knip. Daar is egter een insident om die kruisgebeure wat nog nie soveel keer herhaal is dat die mens oor die impak afgestomp geraak het nie. Kom ons kyk na hierdie insident.

Gewoonlik is die mense wat gekruisig moes word se klere uitgetrek voordat hulle ge gesel is. Oor die bebloede lyf is daar soms weer klere aangetrek soos in Jesus se geval. Die persoon wat gekruisig sou word moes dan sy eie dwarsbalk van die kruis, wat tot 55 kg geweeg het, self na die plek van sy kruisiging dra. Die kruis het dan op die verskeurde liggaam gelê. Sommige mense moes in hulle naaktheid dan die kruis so dra. Jesus het eers die vernedering van naaktheid by die kruispaal ervaar. Hier is Sy bokleed sowel as sy onderkleed uitgetrek. Jesus is naak aan die

kruis vasgespyker, soos die gebruik was. Sy kruis het langs 'n besige verbypad gestaan. Baie van Sy volgelinge was om Sy kruis vergader. Dit is mense vir wie Hy baie lief was en mense wat vir Hom baie lief was, en vir Hom baie respek gehad het. Hierdie mense het om Sy naakte liggaam aan die kruis vergader. Baie min word oor Jesus se naaktheid geskryf. Dit is asof die mens nie hierdie vernedering, wat Jesus aangedoen is, wil of kan bedink nie. Dit voel of Jesus se lyding dan net te veel begin word. Gevolglik word hierdie gedeelte van die kruisgebeure geïgnoreer of verdoesel. Dit is selfs in die konteks van hierdie skrywe moeilik om daaroor te skryf. Dit voel so oneerbiedig. Gevolglik probeer die mens soos met baie ander dinge die impak versag deur twyfel te saai. Een manier om dit te doen is om te vra:

*Maar was Jesus regtig kaal op die kruis?*



**Kadmiël: Wat voor God kom staan.**

*Maar was Jesus regtig kaal op die kruis?*

Jesus het niks half – half op hierdie aarde gedoen nie. Hy het nie ‘n halwe prys vir ons sondes betaal nie. Hy is nie half- half verneder nie. Hy het nie half-half gely nie. Hy is nie half – half gekruisig nie. Hy het die volle prys betaal. Sy fisiese lyding was die intenseste wat ooit op hierdie aarde gely is. Sy emosionele lyding was ook die intenseste wat ooit gely is. Sy vernedering was die intenseste wat ooit op hierdie aarde verneder is. Hy was kaal op die kruis. Mense het na Hom gekyk. Vrouens het na Hom gekyk. Mense het oor Hom gespot. Vieslike aanmerkings is oor Hom gemaak. Hy was tot die uiterste toe verneder. Die prys wat Hy vir ons sondes betaal het, was die hoogste prys wat ooit betaal kon word. Sy lyding kan nie met mensewoorde beskryf word nie. Dit was die hoogste offer wat ooit op hierdie aarde gebring kon word.

Adam en Eva was kaal voor die sondeval en dit het hulle niks gepla nie. Alles was mooi , rein en perfek. Die eerste ding wat na die sondeval gebeur het, is dat hulle bewus geword het dat hulle kaal is. Soos daar ‘n diere-offer gebring moes word om vir hulle klere beskikbaar te maak, en bloed gevolglik gevloei het, was daar reeds op hierdie vroeë stadium ‘n heenwysing na die bloed van Jesus wat moes vloei om die mens in sy paradysbestaan te herstel. Wanneer ek in Jesus is, is ek volkome in Hom. Sy vel word ook my vel. Sy vel word my bekleding. Ek is

aangetrek met die bruiłofskleed van die Lam. Ek is nie meer bewus van my naaktheid soos Adam na sy sondeval nie. Ek het nie meer die vel van 'n dier nodig om my sondeskaamte te bedek nie. Nee, in Jesus het ek ingekom in Sy heilige bedekking in. Ek is ingebore deur die voorhangsel heen tot binne in God se heilige teenwoordigheid. Toe Jesus sterf het hierdie heerlike gebeurtenis plaasgevind, toe die voorhangsel van bo na onder geskeur het. So is ek weergebore deur die geskeurde voorhangsel heen, soos Jesus deur die maagdevlies van Sy moeder, Maria, heen gebore is. Toe die spies Sy sy skeur en Hy dood verklaar is, het die voorhangsel geskeur en het ek die potensiaal ontvang om in 'n nuwe lewe ingebore te word. Word ek ook maagdelik in God se teenwoordigheid ingebore deur die voorhangsel heen?

Toe Jesus se bloed uit Sy kaal verskeurde liggaam gevloei het, toe die spies Sy sy oopgeskeur het, is die volle prys vir die mens se sondes betaal. Die mens is weer aangetrek. Hierdie keer aangetrek met 'n bruiłofskleed van vergifnis.

Moet nooit toelaat dat die kruisgebeure afstomp in jou gemoed nie. Die prys wat betaal is, was net te hoog.

\*\*\*\*\*